
DEEL IV.

TAALKWESSIES.



HOOFSTUK I.

DIE GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKAANSE SPELLING.

Deur Prof. Dr. T. H. LE ROUX.

MET genoegte voldoen ek aan die versoek van die Afrikaanse Studentebond om 'n artikel te skrywe oor bogenoemde onderwerp: in 'n feesalbum, soos dit die lofwaardige besluit is van gemelde liggaam om eersdags te laat verskyn, ter herinnering aan die stigting van die „Genootskap van Regte Afrikaners”, vyftig jaar gelede, mag hierdie onderwerp nie ontbreek nie, want die Afrikaanse spelling voer ons heeltemaal terug tot daardie tyd. Selfs nog voor daar enige gedagte bestaan het aan die stigting van so'n genootskap, het die twee vernaamste bevorderaars van ons jong, wordende moederspraak hulle aandag gewye aan 'n spellingsisteesem vir ons taal.

Hoewel byna oorbodig, wil ek tog dadelik daarop wys dat wat hier volg volstrek nie 'n geskiedenis van die Afrikaanse spelling is nie, en my eie tittel sou dan ook baie beskeidener gewees het. Wat hier gegee word is bloot 'n skets; vir 'n geskiedenis van die onderwerp is baie meer tyd en baie meer ruimte nodig as wat op die oomblik oor beskik word.

Die onderwerp laat hom gevoeglik verdeel oor drie tydperke, waarin ons agtereenvolgens kry:

- a) die sisteem van die Patriot;

- b) die sisteem van die Afrikaanse Taalvereniging (A.T.V.);
- c) die sisteem van die Akademie.*

A.

DIE SISTEEM VAN DIE PATRIOT.

Ons sou ook kon gepraat het van die sisteem van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging, òf, nog beter, van die sisteem van S. J. du Toit, want dit was tog hoofsaaklik sy werk.

Ons verkies egter om te praat van die „sisteem van die Patriot” omdat hierdie blad die vernaamste orgaan van die taalbeweging in daardie jare was en die geskiedenis van die spelling daarin verreweg die beste afgespieël word.

Hierdie tydperk loop tot aan die Twede Vryheidsoorlog. Weliswaar bly die Patriot voortbestaan tot Oktober, 1904, en word terselfdertyd en daarna die sisteem voorgesit in ander organe onder dieselfde redakteur, maar die invloed van die hooforgaan, en daarmee van die hele rigting, was reeds vir 'n aantal jare tot 'n mienimum gedaal. In 1903 kom 'n ander orgaan die plek opeis as bevorderaar van Afrikaans. Daarmee kom daar ook 'n ander spelling-sisteem.

In die jaar 1874 verskyn daar enige artikels oor Afrikaans in die Kaapstadse koerant „De Zuid Afrikaan”, van die hand van „Ware Afrikaner” (Ds. S. J. du Toit). Hierdie artikels was in Nederlands opgestel. Na aanleiding daarvan rig „Klaas Waarsegger, Jnr.” (mnr. C. P. Hoogenhout, gebore Hollander en hoof van 'n skool in die Wellington-distrik), 'n brief, in dieselfde blad, aan W. A., waarin die volgende woorde voorkom: „Ek het banja mot jou oer die Afrikaanse taal te praat, daar mot tog een taalkunde gemaak word, en vaste regels, hoe een mens mot spel, soo dat ons nie soo maar hot en haar skrijwe nie. Jij mot daar oer een bietjie in die koerante

(*) Daar die bronne oor hierdie onderwerp tot aan die jaar 1914 hoofsaaklik uit koerantartikels bestaan, is dit duidelik dat alle ondersoek met baie moeilikhede gepaard gaan. Daarom was dit my 'n groot hulp om gebruik te kan maak van uitknipsels van Mnr. G. S. Preller en veral van uitgebreide mededeling per brief van Advokaat J. H. de Waal.

skrij, en jij mot ook een dag een stuk in Afrikaans skrywe om ver mijn te laat sien hoe jij die woorde spelde”* K.W. had reeds heelwat in Afrikaans geskrywe, maar sy spelling was deels te Nederlands, deels te radikaal of selfs plat, terwyl dit lank nie konsekwent toegepas is nie. Uit bostaande aanhaling kan die een en ander reeds blyk, maar ons kan verder op die volgende punte wys: hy skrywe *ik* naas *ek*, *sijn* en *mijn* naas *sij* en *mij*, *t* naas *d* op die end (*wort*, *bekent*, *goet* naas *grond*, *meid*, *had*), *s* naas *z* (*sal* naas *zelf*), *f* naas *v* (*fan* naas *van*), *sk* naas *sch*, *ij* naas *y* (*sij*, *jij* naas *sy*, *gy*); *ei* en *ij* word behou, maar verwar (*kaptyn*), net soos *ij* en *y*.

In antwoord op K.W. publiseer W.A. in gemelde blad 'n brief in Afrikaans, waarin hy, op sy bekende saaklike manier, sewe reëls voorlê:-

1. „Ons skryf soos ons praat”.
2. Eie name en vreemde woorde behou hulle spelling.
3. *Z* word steeds vervang deur *s*, behalwe in gevalle onder 2.
4. In oop lettergrepe word 'n klinker nooit verdubbel nie.
5. Die wegval van 'n medeklinker word met ' aangeduide.
6. Daar word 4 *e*'s erken: a) en b) „die gewone *e* en skerpe *é*”, soos respektieflik in die twee lettergrepe van *gegé*; c) die „dowwe *ê*”, soos in *wêreld*, *pêrd*, *hê*; d) die „korte *è*” in *nè*.
7. *Sch* word vervang deur *sk*.

Met hierdie reëls betuig K.W. sy hartlikste instemming, maar hy wys dadelik daarop dat die toepassing van 5 ons spelling 'n alte onooglike voorkome sou gee (W.A. skrywe b.v. *ma'ka'er*) en sodanige diakrietiese teken tog die uitspraak moet aanduide, nie die afleiding nie. Dit stem W.A. geredelik toe en erken dat 5 in direkte teenspraak is met 1: die eerste volg die uitspraak, die tweede die afleiding. Hy stel dus voor om ' net te gebruik waar die uitspraak dit vereis: *ho'e*, *da'e*** Die historiese beginsel sou intussen nie heeltemal opgegee word nie, want o.a. bly dwarsdeur gewoon die spelling *o'er*.

(*) *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, bl. 30.

(**) *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, bl. 32-33.

Hier het ons die eerste proewe van spelreëls vir Afrikaans. Dit moet dadelik opval dat daar nog net soveel, feitlik ewe belangrike punte oorbly wat nie aangeroer word nie; ook dat die formulering van 6 heelwat te wense oorlaat, selfs vir daardie tyd. Toegegee moet egter word dat die reël omtrent die verdubbeling van klinkers van insig getuig: die vereenvoudigde spelling het nog nie bestaan nie. Ook blyk uit die bewuste brief dat die ander vername punte sy aandag volstrek nie ontsnap het nie en die volgende reëls kan maklik daaruit opgemaak word:-

a) *ch* word, behoudens 2 bo, vervang deur *g*; b) *v* word behou naas *f*, versover dit nie oorgaan in *w* nie; c) *d* bly op die end; d) stom *w* skyn weg te val, behalwe wanneer net deur *u* voorafgegaan; so altans was dit later onder hierdie sisteem: *vrou*, *pou*, *leeu*, maar *ruw*, *uw*, *nuws*; e) *y* bly naas *ei*, maar *ij* word verwerp; f) *au* word vervang deur *ou*, behoudens no. 2 bo.

Dit is die sisteem. Inkonsekwensies en onvastigheid sou daar voorlopig wees, maar ons ken dit ook. As die praktyk gevoeg word by die teorie, dan vind ons dat die vernaamste spellingpunte hier beslis word. Ook moet bedink word dat vir du Toit die meerderheid van die punte a—f opgeslote was in no. 1, al moet dadelik toegestem word dat dit netso goed geld van nos. 3 en 7. Verder was dit goed gesien van hom om die publiek nie vlak by die begin met 'n veelheid van reëls te oorlaai nie: hy wou hulle net die essensiële gee en dan maar laat skrywe; die res sou regkom.

Wie bekend is met die moeilikhede verbonde aan die opstel van spelreëls en onthou watter onbevredigende of verkeerde formuleringe jy soms ontmoet of self aan skuldig was, die sal die werk van du Toit roem, temeer wanneer bedink word dat ons hier nie te doen het met 'n vakman nie, en wel op 'n tydstip wat vyftig jaar agter ons lê. Ook moet onthou word dat du Toit hom in gemelde brief blykbaar vir die eerste keer in die openbaar van Afrikaans as skryftaal bedien, sodat dit getuig sowel van sy bevoegdheid as sy insigte om so dadelik, sonder skryfervaring, dinge in dië lig te sien. Hier was nou tenminste 'n bruikbare sisteem, wat 'n end kon maak, en grotendeels gemaak het, aan die inkonsekwensies en reëlloosheid van vroeër. Die Patriot, opgerig in Jan. 1876, het hierdie sisteem gevolg in die redaksionele gedeelte. Daarbuite was 'n ruim mate van vryheid toege-

laat, in ooreenstemming met die leuse: „ons skryf soos ons praat”, wat nie op dowe ore geval het nie. Die wysiginge wat langsamerhand gemaak is bespreek ons later.

Elke spellingsisteem moet op een of meer algemene beginsels berus. Vir hierdie tyd was dit: „ons skryf soos ons praat”. Wat het die opstellers daarmee bedoel? Dis duidelik dat hulle die leuse in die eerste en vernaamste plaas letterlik opgeneem het en gedink het dat hulle nou waarlik foneties skrywe. Hulle verheug hul daaroor dat die spelling van Afrikaans voortaan geen moeilikheid sal oplewer nie, in flagrante teëstelling met 'n taal soos Engels. Deels, en veral, omdat hulle geen kennis van fonetiek gehad het nie (wat natuurlik ook nie verwag kon word nie), deels blykbaar omdat die voorgestelde sisteem op enige punte werklik foneties is (b.v. *s* vir *z* en *sk* vir *sch*), het hulle twee fundamentele punte totaal oor die hoof gesien: eerstens, dat hulle leuse in 'n spelling vir die publiek bedoel onmoontlik streng en konsekwent as beginsel kan toegepas word; twedens, dat hulle in verreweg die meeste gevalle hulle eie standpunt nie gehandhaaf het nie. Vermaaklik, hoewel volkome begryplik, is dan ook die aansporing van K.W. om tog te skrywe soos hul praat, sodat daar nie later “pronouncing dictionaries” nodig mag wees nie.*

Aan die ander kant was die leuse ook bedoel as prikkel vir die publiek om nie bang te wees nie, maar los te trek en te skrywe. Waarom? In die eerste plaas blykbaar omdat besef is dat die volk, alleen deur hom in sy eie taal te uit, skriftelik sowel as mondeling, tot selfbewussyn kon kom; in die tweede plaas omdat ingesien is dat die taal in baie opsigte nog in wording was. Die laaste blyk duidelik uit die volgende woorde van W.A. aan K.W.: „So wil ek graag hê, dat ons een party re'els moet vasstel ver die spelling van ons taal. Di's die leiband. En dan moet ons mar skrywe, dat die taal kan gevorm worde.”** Du Toit het dus blykbaar besef dat nie alle spellingpunte ineens hoef en kan gereël word nie, maar dat daar eers skryfervaring moes opgedoen word, wat ons maar alte goed weet en wat Preller baie jare later, op die A.T.V.-kongres in 1908, so raak uitgedruk het deur daaraan te

(*) *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, bl. 35.

(**) *Gesk. f. d. Taalbeweging*, bl. 31.

herinner dat spelling blykbaar alleen „bo-op die letterkunde” kan bepaal word.* Aanvanklik moes veral aan die publiek dus ’n redelike mate van vryheid gelaat worde. Die oordeel van die Amsterdamse oud-hoogleraar Te Winkel, waar hy van die leuse praat as „inderdaad een onzinnige eisch”,** is derhalwe onredelik, omdat hy nie met die omstandighede voldoende rekening gehou het nie.

’N mens sou verwag het om in die „Eerste beginsels van die Afrikaanse taal” (1876), die eerste boek deur die Genootskap uitgegee en die eerste grammatika van ons taal—’n verdienstelike werk onder omstandighede—, ’n volledige teks en behandeling van die spelreëls te vind. In die werklikheid word dit daar net met ’n paar woorde afgehandel, nog baie korter as in die bewuste brief. Alles wat daar gesê word is egter in volkome ooreenstemming met wat ons reeds weet.

Langsamerhand begin die redaksie van die Patriot die bekende leuse strenger toe te pas. Dit het tot resultaat die volgende drie ingrypende wysiginge:

1e die *ie*-klank word voorgestel deur *ii* in geslote en deur *i* in oop lettergrepe: *brief-briwe*; 2e *v* word vervang deur *f*; 3e *y* neem die plek van *ei*: *waarhyd*.

Natuurlik geld hierdie reël nie vir eiename en vreemde woorde nie. Owerigens bly dit in hoofsaak by die reeds aangenome standpunt.

Van ongeveer die end van die taggentiger jare skyn hierdie wysiginge deur die redaksie konsekwent toegepas te worde. In „Ons Klyntji (1896-1906) is dit van begin tot end in die redaksionele gedeelte die standpunt, soos die tweede deel van die naam reeds aandui. Die spellingstandpunt van hierdie tyd vind ons ook in S. J. du Toit se „Fergelykende Taalkunde van Afrikaans en Engels” (1897).

No. 2 is die natuurlike konsekwensie van die leuse: ons skryf soos ons praat. Netso goed as *z* moes plaasmaak vir *s*, netso goed moes *v* wyk vir *f*. Dat dit nie al eerder gebeur het nie, is seker aan twee redes toe te skrywe: eerstens, die oog: in gedrukte vorm is *z* en *s* ewe lank, *f* daarenteë baie langer as *v*; twedens, is ndl. *z* van gelyke klankwaarde beskou as eng. *z*, (wat die oningewyde nog doen) ’n klank uiteraard goed bekend, en op grond daar-

(*) *De Volkstem*, Jan. 1909, in die verslag oor die A.T.V.-kongres.

(**) By Pienaar, *Taal en Poësie v/d Twede Afr.-Taalbeweging*, bl. 130.

van duidelik besef dat dit in Afrikaans geen reg van bestaan het nie, sonder te vat dat presies dieselfde geld van ndl. *v*. Later was dit stellig die beslissende faktore* en is dit nog, hoewel miskien onbewus, vir iedereen wat die punte nie op eie meriete kan beoordeel nie.

Om twee tekens te hê vir dieselfde klank, *ei* en *y* (no. 3), is oorbodig (ook in Nederlands is daar, soos bekend, geen verskil in uitspraak nie: *y* staat hier n.l. vir ndl. *ij*; daarom moes een verval. Du Toit behou *y*.** Die rede is my nie bekend nie. Moontlik is sy keuse bepaal deurdat dit een teken is en dus korter, moontlik ook omdat hy gemeen het dat behoud van wat die meeste die oog trek (*y* is langer as *ei*) die veiligste weg is. Intussen sou twee tekens (*ei*) daarom beter gewees het, omdat ons hier met 'n tweeklank te doen het, waarvan die tweede element bowendien 'n *i* is.

Of du Toit gemelde twee vereenvoudiging hoofsaaklik aangebring het as gevolg van die hoofbeginsel, dan wel ook omdat dit die spelling soveel makliker maak, weet ek nie. Wie egter nie goed Nederlands ken nie (en selfs dan kom twyfel voor), die weet dat jy baie moeite het met die vraag waar om *v* te skrywe en waar *f*,[¶] waar *ei* en waar *y*: in Nederlands is die verskil in uitspraak tussen *v* en *f* bewaar,[†] terwyl die saak ontsaglik vergemaklik word deur te onthou dat alle sterk werkwoorde en afleidinge daarvan, *ij* het, swak werkwoorde en hulle afleidinge daarenteë meestal *ei* neem. Vereenvoudiging gaan hier vroeër of later kom, en in hoofsaak langs hierdie lyne. En sou sodanige vereenvoudiging nou tengevolge hê dat Nederlandse lektuur vir ons gesluit word, die omstandigheid, n.l. dat die Hollander, met of sonder rede,

(*) In sy brief sê adv. de W., na aanleiding van sy standpunt in „De G. Hoop“: „dit mag strydig met my reël lyk dat ek aan die een kant die *v* behou het en, aan die ander, die *z* laat vaar het, maar ek het die *s* gevat omdat baie Afrikaners, wanneer hulle Hollands lees, die *z* uitspreek soos in Engels..... en dit sou party van hulle in Afrikaans ook gedoen het. Dit moes vermy word.

(**) Ons spreek hier en verder net van du Toit omdat hy tog die leidende gees was. Dit wil niks afdoen aan wat ander mag bygedra het nie.

(§) No. 19 en veral No. 21 van ons spelreëls het die saak help vereenvoudig, maar daar bly nog veel moeilikheid bestaan.

(†) Van Haaringen (*N. Taalgids* XVIII, bl. 70, noot) is van oordeel dat verskerping van *z* en *v* in Ndl. toeneem, wat des te minder rede vir ons sou wees om twee tekens te behou.

twee tekens gebruik, waar ons net een nodig het? Dit glo ek nooit nie. Dink maar net aan die wegval van die stom *w*: hoe stomp, hoe onmoontlik het, nog geen vyf jaar gelede, 'n woord soos *vrou* nie gelyk nie en vandag merk ons dit nie eers nie. En wat 'n moeite en tyd sou bogenoemde vereenvoudiging nie uitspaar nie: spelreëls moet so eenvoudig moontlik wees en so na as moontlik aan die uitspraak.

Met No. 1e bo is dit anders gesteld. Du Toit het die *ie*-klank beskou as 'n gerekte klinker, en, van daardie standpunt uit, konsekwent behandel volgens reël: onverdubbel in oop lettergrepe, dus *i*; verdubbel in geslote lettergrepe, dus *ii*; *ie* val weg. Die *ie*-klank is egter op sigself kort, sodat die verandering op 'n foutiewe opvatting berus. Aangesien hierdie punt, hoewel op sigself 'n verouderde klankbeeld, werklik nie kan gesê word spellingmoeilikhed op te lewer nie, vreemde woorde uitgesonder en die behou hulle spelling, was dit 'n ongemotiveerde en storende afwyking van Nederlands.

Daar was blykbaar nog meer vereenvoudiginge te verwag. Op 'n taalkongres, gehou in die Pêrel in Jan. 1896,* is daar 'n beskrywingspunt omtrent die vraag *d* of *t* op die end. Met oorweldigende meerderheid word *t* afgestem. Tereg, want hoewel baie, veral in die Westelike Provinsie, sê *tant-tanne*, is die uitspraak van baie ander, insonderheid daarbuite, *tant-tande*. Duidelik word egter bepaal dat so'n besluit nie as bindend beskou moet word nie; dis alleen om die sienswyse van die vergadering te verneem. Nos. 1 en 2 bo staan ook op die agenda, maar niks word daaromtrent meegedeel nie; *ei-y* word nie genoem nie. Blykbaar is gevoel dat eenstemmigheid omtrent hierdie punte nie daar bereik sou word nie. Daar word ook gestem oor *ek-ik*; *ek* wen. Tereg.

In hierdie tydperk is algemeen, soos nog vir baie jare daarna, die spelling *myn*, *syn* van die besitlike voornaam woord. Nou is dit gelukkig oorboord, want, wat daar ook al voor te sê mag gewees het, die gewone vorme was en is dit nie. In later jare behou du T. die *t* van die verkleiningsuitgang—*tji* ook na woorde op *t* en *d*: *woordtji*, *lattji*.** Dit is gelukkig nie bestendig nie.

(*) Kyk *Ons Klyntji*, 1e jaargang.

(**) *Fergelykende Taalkunde*, bl. 14.

Ons mag nog die volgende toevoeg. In hierdie tydperk word o.a. spellings soos die volgende erken: a) *almal*, *heeltemal*, *miskien*, *enigsins*, *affêre*; b) *Hollans*, *follens*; c) *oek*, *mar*, *an*. Die laaste groep is daarom af te keur, omdat, waar daar swakbeklemde en vol vorme naas mekaar bestaan, in 'n gewone spelling die vol vorme as norm moet beskou word. Om dieselfde rede beskou ons vandag *ek* as norm, hoewel *ik* daarnaas bestaan. Wat die eerste groep betref is dit opmerklik dat, soos in hierdie geval, daar ook ander besluite van die Patriot te noem is wat die Akademie in sy eerste redaksie van die spelreëls nie toegelaat het nie, terwyl hy in die tweede, tans geldige, op sy besluit teruggekom het. So is dit reeds hier reël om gerekte slot-*e* enkel te skrywe in oop lettergrepe by afleidinge: *twede*, *tre'e*. Dit word egter ook gedoen in samestellinge (*twemaal*), wat vandag nie geldig is nie.

Op meer as een punt is die spelling van hierdie tydperk af te keur, soos aangetoon. In sommige gevalle is daar nie genoeg rekening gehou met taalvorme buite die naaste gebied van die redaksie nie, of met wat as die algemeenste beskou mag word nie. Die merendeel van die destydse spelreëls geld, hoewel anders geformuleer, egter ook vandag. Sommige is prysgegee omdat hul nie deug nie, of gewysig. Ander sou bes moontlik vandag reeds ingang gevind het, as dit nie was dat die orgaan, die Patriot, in die laaste jare van sy bestaan haas alle invloed verloor het deur sy politieke kleur nie.* So'n geval ag ek *f* i.p.v. *v*.

B.

DIE SISTEEM VAN DIE AFRIKAANSE TAAL- VERENIGING (A.T.V.)

Hierdie tydperk loop van die stigting van „De Goede Hoop”, Julie, 1903, tot aan die verskyning van die spelreëls van die Akademie in September, 1915. In hierdie jare gaan die spellingbedrywigheid hoofsaaklik uit van die A.T.V. wat weer in hoofsaak die sisteem van De G. H. gevolg het; daarom praat ons vir hierdie tydperk van „die spellingsisteem van die Afrikaanse Taalvereniging.”

(*) Dit is die oordeel van adv. de Waal in gemelde brief, 'n man wat meer as iemand anders uit ervaring kan praat vir hierdie tyd. In hoofsaak stem ek met hom volkome saam.

Soos S. J. du Toit in die vorige tydperk die leiding geneem het in spellingsake, so in hierdie, veral die eerste jare, advokaat J. H. H. de Waal. Di Patriot en Ons Klyntji bestaan nog, maar, soos reeds gesê, is hulle invloed verdwyn; De Goede Hoop, onder redaksie van de Waal, word nou die orgaan ter bevordering van Afrikaans. Onder die destyds klein aantal Afrikaans-skrywendes sou die sisteem van Di Patriot natuurlik in seker mate voortlewe, maar dis De G. H. wat nou rigting gee.

Die sisteem van Di Patriot kon nie klakkeloos oorgeeneem word nie: deels was dit te radikaal; deels was dit in diskrediet geraak vanweë die standpunt van die leier in later jare.* De W. moes dus rekening hou met omstandighede en dit met homself eens word watter sisteem hy gaan volg. Waar die vorige tydperk die leuse gevolg het „ons skryf soos ons praat”, daar gaan de W. uit van die standpunt dat daar nie onnodig van die Nederlandse spelling moet afgewyk word nie.** Dit was verstandig, want, afgesien van besware en vooroordele teen die Patriot-spelling, moet onthou word dat Afrikaans-skrywe toe nog maar 'n liefhebbery of tydverdryf was, en dit van 'n klein aantal, nie doel en medium nie. Die ondersteuner van Afrikaans was nog veel meer as vandag gebind aan die Nederlandse klankbeeld. Sy sisteem sluit dus nou weer nader by die Nederlandse spelling aan, waarin nie op iedere punt noodwendig 'n beginselkwessie moet gesien word nie.

In hoofsaak is sy sisteem, soos te verwag, 'n voortsetting van die vorige, maar daar's 'n aantal belangrike afwykinge. Dit kan as volg saamgevat word:

a) Klinkers en tweeklanke: gerekte *é* word op die end geskrywe *ee* (*twee, gee*; by afleidinge word in oop lettergrepe egter een *e* geskrywe, die vorige standpunt dus behou: *twede*); die *ie*-klank word deur *ie* voorgestel in geslote lettergrepe en in oop lettergrepe wat nie op die end staan nie (*lief—liewe*, maar *wi, ni, ogi, vroutji*; hy's

(*) In *Die Burger* van Sept. 1921, na aanleiding van sy werk. „Joh. v. Wyk”, sê de W.: „dit was nodig vir die voorstanders om rekening te hou met die Patriot—nasmaak by die Afrikanervolk en oordeelkundig met die bevooroordeeldes te werk te gaan, ten einde so min moontlik weerstand uit te lok.”

(**) By Pienaar, *Taal en Poësie*, bl. 12—13. Prakties word daarmee bedoel die V.N.S.

egter nie konsekwent nie, want in „Joh. van Wyk”, 1ste druk, 1906 kom voor *iemand, publieke naas notisi, sus-pisi*; die lidw. word gespelle *di*, die vnw. daarenteen *die*, wat 'n totaal nodelose onderskeiding is); *ei* word herstel naas *y*, nie *ij* nie (aanvanklik wel); b) Medeklinkers: *v* word herstel naas *f*, behalwe natuurlik waar dit oorgaan in *w*.

Wat opsigselfstaande vorme betref, merk ons die volgende op: *fer* (voors.) word vervang deur *vir, gen* deur *gin, goi* deur *gooi, oek, an, mar* deur *ook, aan, maar* (hoe-wel aanvanklik *an, mar*); *myn, syn, ek* (de W. was gelukkig 'n harde „ek-man”), *hom* en *as* word behou, *naar* daarenteen herstel, omdat hierdie laaste vorm, so deel hy my mee, nog dikwels gehoor word;* hy behou spellings soos *heeltemal, almal, enigsins, miskien, sieling, affère*, terwyl hy ons vooruit is met reeds te skrywe *baïing*;** skryfwyses soos *o'er, o'e, da'e* vervang hy deur *oor, oë, dae*: in aldrie gevalle tereg, want by die eerste en laaste is die diakrietiese teken oorbodig (in „o'er” word niks van 'n *e* gehoor nie en die *ae* van *da'e* is vanself as tweeklank uit te spreek), terwyl by klinkers deeltkens beter diens doen as die ' , wat hier altoos laat dink aan die afleiding.

Dit was die sisteem van die redakteur van 'n bepaalde orgaan. Dit was egter in belang van die taalsaak om 'n geskikte sisteem ook deur die publiek erkend te kry. Reeds 'n jaar na die stigting van sy blad betoog de W. die wenslikheid van 'n spelsisteem deur bevoegde persone te laat opstel, asook die behoefte aan 'n vereniging tot instandhouding en bevordering van Afrikaans.*** Die laaste word werklikheid deur die oprigting van die Afrikaanse Taalvereniging in Nov. 1906. Op die eerste jaarkongres, gehou in Des 1907, word 'n kommissie aangestel

(*) Die volksuitspraak is dit nie, boektaalinvoer (Nederlandse) in indiwiduele uitsprake daargelate. Die *r* wat baie laat hoor in 'n sin soos *na die dorp* is nie die „r” van „naar” nie, maar ontstaan deur oorgang van die volgende „d”: vgl. *skare, korrig, vir skade, koddig*.

(**) Ons spelle weliswaar *baie*, maar vgl. *toïing*.

(***) By Pienaar, *Taal en Poësie*, bl. 13.

om ontwerp spelreëls op te stel,* bestaande uit die volgende lede: Ds. N. J. Brümmer, adv. J. H. H. de Waal, drs. W. J. van Zijl en D. F. Malherbe en die here T. B. Muller, E. du Toit en J. F. Grosskopf.

Die kommissie bring rapport uit, in gedrukte vorm, op die volgende jaarkongres van Des. 1908. Vir ons taal was dit 'n belangrike vergadering. As voorsitter tree op dr. D. F. Malan, ons huidige Minister van Onderwys. Die Transvaal word verteenwoordig deur G. S. Preller en adv. N. J. de Wet (oud-Minister), die Vrystaat deur mnr. Rabie. Dit sitting duur enige dae, waarop breedvoerige en geanimeerde besprekinge plaasvind oor die ontwerp spelreëls.

Hier het ons nou 'n taamlik volledige behandeling van die spelreëls bymekaar versamel, en apart uitgegee. Die van vroeër was nie 'n uitgewerkte sisteem nie: net 'n paar reëls bymekaar en die res uit die literatuur op te maak of versprei. In seker sin sou ons dit dus die eerste Afrikaanse spelreëls kan noem. Gelet op die feite, is dit verdienstelike werk; meer af as die vorige. Dit het dan ook die basis gevorm, enigsins gewysig, van die sisteem van die Akademie in 1915.

Wat betref die formulering, en veral die twee algemene beginsels, is daar heelwat op aan te merk. Die kommissie het hulle laat lei deur die volgende twee beginsels: 1e, respekteer die oog. 2e, respekteer die oor. Dit moet dadelik opval dat dit geen beginsels vir 'n spellingsisteem is nie; dis te relatief en daardeur te onwetenskaplik. Die ondoelmatigheid daarvan blyk nog duideliker wanneer verneem word wat eintlik daaronder verstaan is. Iemand sou dink dat no. 1 beteken dat onooglike, hinderlike spellings vermy moet word. Die bedoeling was egter om nie minder gewone vorme te erken nie: b.v.; nie *speul* nie, net *speel*. No. 2 sou iemand dink moet sien op gemeensame of plat uitsprake; die bedoeling was egter om „foneties” te wees: b.v. te skrywe *skaap*, *sewe*, nie *schaap*, *zeven* nie.

(*) Reeds op die 1ste vergadering van die Hoofbestuur van die A.T.V. (Des. 1906) is daar 'n Kommissie benoem om die spelling van die Statute te bepaal. Lede daarvan was adve. H. S. van Zijl (nou regter), de Waal en Wessel Roux en drs. D. F. Malherbe en A. I. Perold (mededeling van adv. de Waal). Uit die Statute blyk duidelik dat die sisteem onnodig behoudend was: *regt. versoekt*, *regel*, *oërige*.

Die kommissie het in opdrag gehad om so na as moontlik aan die vereenvoudigde Ndl. spelling te bly.* Op twee punte sluit die ontwerp spelreëls dan ook nader aan by die V.N.S. as de W. gedoen het. Eerstens word voorgestel om die *ie*-klank dwarsdeur voor te stel deur *ie*, behalwe in vreemde woorde. Die onderskeiding van de W. tussen *di* (lidw.) en *die* (vnw.) sou egter bly. Gelukkig besluit die vergadering om die eerste deel aan te neem, die tweede daarenteë te skrap. Volgens adv. de Wet was die verskil tussen die beweging in Transvaal en in die Kaapkolonie groteliks in die woordjie „di” geleë en was hierdie spelwyse, aangesien die woord so baie voorkom, een van die grootste griewe teen die ou beweging.** Stellig was die spelling van die *ie*-klank een van die grootste besware teen die later Patriot-sisteen en tereg, soos hoërop aangetoon. In die tweede plaas word voorgestel om, waar daar verskillende vorme in gebruik is, dië een te kies wat die naaste staan aan die van die V.N.S. Dit word aangeneem. Hierdie redenering is verkeerd: 'n onnodige afwyking van die V.N.S. is af te keur, vandag netso goed as toe; maar dit gaan tog nie aan om 'n gewone, algemene vorm te vervang deur een in beperkte gebruik, net omdat die laaste nader by die Nederlandse staan nie. So word vorme as *almaal*, *als* en *naar* weer herstel. Ten onregte, soos bo aangetoon.

Voorgestel word ook om *ij* te behou, maar dit word afgestem. Volgens verslag van „Ons Land”, Des. 1908, die volledigste my bekend, is besluit om slot-*ee* te behou sowel in afleidinge as samestellinge (*tweede*, *seeë*; *tweemaal*); volgens mededeling van de W. net in samestellinge. Die ontwerpers noem die punt nie, maar was blykbaar van die laaste sienswyse, want in die reël oor verdubbeling van klinkers kom voor *twede*.

Die „ek-manne” en die „ik-manne” het warm geword op die vergadering. By die stemming was hulle gelyk verdeel. Die beslissende stem van die voorsitter bepaal dat altwee vorme geldig sal wees. Van *hom* en *hem* word die eerste gekies. Owerigens bly dit op alle essensiële punte by die sisteen van de Waal, wat pleit vir sy insig.

Hierdie spelreëls was nie finaal nie: dit sou voorgelê word op 'n kongres te hou in April, 1909. Die kongres

(*) *De Volkstem*, 5 Jan. 1909.

(**) *Aldaar*.

is nie gehou nie. In Julie word die Akademie reeds gestig. Hoewel iedere afgevaardigde belowe het om die besluite so ver moontlik in die praktyk toe te pas, het geen sisteem algemene erkenning gekry nie voor die van die Akademie in September, 1915.

Ons kan van hierdie tydperk nie afstap sonder eers nader te verneem hoe die Noorde oor die spelling gedink het nie. In Transvaal was Preller die siel. Sy standpunt is waarskynlik so weer te gee: hy was meer begaan oor die taal self as die spelling; in praktyk het hy heelwat nader aangesluit by die Ndl. spelling as die Suide, sonder ewenwel sy sienswyse konsekwent toe te pas. Die „Afrikaanse Taalgenootskap” (A.T.G.) is gestig in Des. 1905, met medewerking van die Vrystaat. By die oprigting is blykbaar nie oor die spelling gepraat nie. Tydens die korrespondensie wat aan die oprigting voorafgegaan het, rig ds. W. Postma (O’kulis), uit naam van die voorlopige komitee in Bloemfontein, ’n brief aan Preller oor die spelling.* Volgens die voorstelle daarin gemaak (egter maar ’n stuk of wat punte), neem hulle sowat dieselfde standpunt in as waartoe later op die kongres in Des. 1908 besluit is, met die verskil dat hulle iets konserwatiewer is, nader by Nederlands aansluit. So bevat een van die voorstelle behoud van *z* naas *s*. Die A.T.G. ontvang nog wel ’n enkel brief omtrent die spelling, maar ’n besluit of besluite is daar nooit geneem nie.

Die Noorde vertoon in hierdie jare minder eenheid van sisteem as die Suide, maar sluit hulle almal nader by Nederlands aan. Manne soos Totius en Malherbe behoort in spellingsake tot die Suide. Dan het die Noorde hom baie minder warm gemaak oor die spelling as die Suide. Ons is dus volkome geregvaardig met te sê dat die spellingbedrywigheid destyds die werk was van die Suide en met die sisteem van hierdie jare te bestempel as die van die A.T.V.

C.

DIE SISTEEM VAN DIE AKADEMIE.

Vir enige jare sou die spellingkwessie op die agtergrond gedring word. Julie 1909 is die Akademie gestig. Dit sou in die vervolg die hoogste taalliggaam wees, waarmee

(*) In die notule van die A.T.G. Die voorlopige komitee het bestaan uit homself, Visscher en Lokomotief. Die brief is van Julie, 1905.

alle ander verwante liggame hulle kon affilieer. Daar kon dus verwag worde dat die Akademie ook die Afr. spelling nader sou reël. Dit sou egter vereers nie gebeur nie. Om verskillende redes. Eerstens het die Akademie die eerste jare te veel opgegaan in die stryd vir die taalbelange in die wye sin van die woord, ten einde Hollands sy plek te besorg as landstaal naas Engels. Ten tweede was nog lank nie tot die meerderheid van die lede deurgedring watter plek Afrikaans toekom nie. Op die taalkongres wat uitgeloop het op die stigting van die Akademie, is die volgende wonderbaarlike voorstel ingedien: „Het kongres spreke zich uit over de wenselijkheid om spreektaal en schrijftaal in overeenstemming met elkander te brengen ten aanzien van het gebruik van de vorm „die” als bepalend lidwoord voor alle geslachten.”* Begryp jou aan! Gelukkig is na enige bespreking besluit om van die punt af te stap, maar dit was nie bloot die idee van die een of ander sonderlinge individu nie; die geskiedenis leer dat dit ’n bietjie in die lug was. Hoe die meerderheid in die Akademie self in die eerste jare oor die wenslikheid van erkende spelreëls vir Afrikaans cordeel, blyk duidelik uit die volgende. Op die jaarvergadering van 1911 word ’n brief voorgelees van Melt Brink, waarin hy dit betreur dat daar geen eenvormigheid insake die spelling van Afrikaans bestaan nie en die Akademie versoek om in die behoefte te voorsien deur spelreëls op te stel.** Wat is egter die besluit? Dit: dis onmoontlik om aan die versoek te voldoen omdat bespreking van „de taalkwestie opnieuw twist zal veroorzaken”!***

Op die sitting van die Akademie van Julie, 1914, word opnuut ’n versoek aan die liggaam gerig om ’n spelling vir Afrikaans erkend te kry. Die versoek was vergesel van ’n ru ontwerp-spelling, wat in hoofsaak die standpunt weergee van die A.T.V.-kongres van Des. 1908, maar op ’n paar punte daarvan afwyk ter gunste van die V.N. S. Hierdie stuk was die uitkoms van besprekings tussen ’n aantal skrywers en belangstellendes, maar dis, soos gesê, ’n ru ontwerp, ’n klad, wat deurhalinge en toevoegsels bevat, sonder dat enige besluit of handtekening dit bestempel tot die outentieke sienswyse van die betrokke

(*) *Jaarboek I.*

(**) *Jaarboek II*, bl. 12.

(***) *Aldaar*, bl. 25.

meewerkers.* Die bedoeling is dan ook nie op elke punt volkome duidelik nie, maar die volgende vier punte is in ieder geval besliste afwykinge van die A.T.V.-standpunt en mag waarskynlik beskou word as die essensiële verskille te behels: 1e slot-*ee* word behou sowel in afleidinge as samestellinge (ek veronderstel dat adv. de Waal gelyk het dat die kongres dit destyds beperk het tot samestellinge); 2e *ij* bly; 3e in woorde van vreemde oorsprong bly die *ê*-klank voorgestel deur *ai* (*affaire, populair*); 4e die stom *w* bly orals behou (*vrouw, leeuw, ruw, nuwt*). Die kongresbesluit, om uit verskillende vorme die te kies wat die naaste staan by die V.N.S., word gehandhaaf.

Reeds vanweë die vorm waarin die stuk opgestel is, was dit nie moontlik om dit dadelik in behandeling te neem nie. Die Akademie het egter 'n kommissie benoem om ontwerp spelreëls op te stel, met die verstandhouding dat genoemde stuk as basis sou dien. Die kommissie het bestaan uit die volgende sewe persone: Jan F. E. Celliers, dr. J. D. du Toit (Totius), adv. C. J. Langenhoven, dr. D. F. Malherbe, dr. W. M. R. Malherbe, Gustav S. Preller en die ondergetekende. Die ontwerp is aan die Akademie voorgelê op die sitting van die volgende jaar, 15 Sept. 1915, en goedgekeur. Die redaksie soos goedgekeur is te vind o.a. in die eerste uitgawe van die „Afrikaanse Woordelys”, uitgegee in 1917. Ons moet hier byvoeg dat prof. J. J. Smith, wat toe nog nie officieel daarby betrokke was nie, die kommissie op meer as een punt met wenke en aanvulling ge dien het.

Die 15de September, 1915 is 'n belangrike datum in die geskiedenis van ons taal. Op die dag is eindelijk die lang verwagte, algemeen erkende spelreëls vir Afrikaans 'n werklikheid geword. Ons sê „algemeen erkende” omdat die Akademie die hoogste en algemeenste taalliggaam was en is, sodat wanneer hy sy erkenning aan 'n taalaangeleentheid heg, dit die bes moontlike waarborg is dat dit algemeen ingang sal vind. En dit was ook die geval. Toevoeginge en wysiginge sou daar kom, maar aan die spelling-ongelykheid en selfs verwarring was hiermee vergoed 'n einde gekom. Die sisteem het dadelik algemeen ingang gevind, waartoe baie bygedra het „Die Huisgenoot”, opgerig in 1916. Afrikaans kon nou veilig op skool

(*) Die stuk het ek in bewaring. Dis seker ek weet in die handskrif van dr. A. I. Perold, Prof. aan die Universiteit in Stellenbosch.

ingevoer word, want daar was 'n erkende spelsisteem. Al had die Akademie niks anders gedoen nie, dan sou hy hiermee sy bestaan deurendeur regvaardig het: as sodanige algemene liggaam nie bestaan het nie, dan had ons vandag nog geen spellingeenheid nie.

Waarin onderskeie hierdie sisteem hom nou van die voorafgaandes? Nie juis in die feite nie, afgesien van toevoegsels, maar wel in die algemene beginsels en die formulering. Bogenoemde vier afwykinge van die gemelde stuk word oorgeneem. Die onhoubare standpunt van die A.T.V. om *w* in die een geval te behou, in die ander te verwerp, gaan dus nou gelukkig van die baan. Ongelukkig sou egter die *w* in *nwwt*, *nuws* en afleidinge enige jare gehandhaaf word; net so die ongewenste *mijn*, *sijn* naas *mij*, *sij* en *ik* naas *ek*. Besluit word om nie onnodig van die V.N.S. af te wyk nie, maar die keuse uit verskillende Afrikaanse vorme word nie afhanklik gemaak van wat die naaste aan die Nederlandse vorm staan nie. Dan is daar 'n aantal toevoegsels. Owerigens behels dit die standpunt van die A.T.V.-kongres van Desember 1908, soos 'n vergelyking dadelik sal aantoon. Ten opsigte van vreemde woorde word die nodige spelling toegelaat, alnmate 'n woord minder of meer ingeburger is. Waar wisselvorme in algemene gebruik is, word dit erken. Meer nog as deur die A.T.V. en in gemelde stuk word diakrietiese tekens tot 'n minimum gebring en sover moontlik vervang deur deel- of koppelteken. Die laaste is ook daarom 'n groot vooruitgang op die Patriot-metode omdat die ' 'n produk was van die sogenaamde „historiese” beginsel en maar alte dikwels misbruik is om op die afleiding te wys, sonder dat die uitspraak dit ook maar in die minste vereis het.

In beginsel ewenwel is daar 'n aanmerklike verskil tussen die twee sisteme, wat natuurlik sy uitwerking sou hê op die formulering. Die nuwe sisteem berus inderdaad op fonetiese grondslag, maar met inagneming van die feit dat 'n spelling vir die publiek nie streng foneties kàn wees nie. Die historiese beginsel geld heeltemal nie; alleen word, vanweë kultuur- en praktiese oorweginge (traditiese), die band met Nederlands uiteraard en tereg gehandhaaf, en gevolglik nie onnodig van die V.N.S. afgewyk nie. Daar is dus hier werklik verskil sowel met die „ons skryf soos ons praat”-leuse en die sgn. „historiese” be-

ginsel van die Patriot, as met die „oog- en oor“-standpunt van die A.T.V.

Spelling is 'n subtile iets, wat geleidelik moet kom: by die opstel van die spelreëls was gevoel dat dit aangevul moes word deur 'n woordelys; by die bewerking van die woordelys word dit duidelik dat die spelreëls aanvulling en wysiging verdien. Op dieselfde sitting van Sept. 1915 word besluit tot die uitgawe van 'n woordelys en die werk opgedra aan dr. D. F. Malherbe, prof. J. J. Smith en ondergetekende. By die bewerking hiervan is dit noodsaaklik geword om die spelreëls aan te vul en selfs op 'n enkel punt te wysig. Die vernaamste aanvullinge en wysiginge geld die volgende: 1e die mv. van vreemde snw. op *a, o, u, i, é*; 2e die mv. van snw. op *-oog*; 3e die *ei*-klank; 4e die enkel-skrywe van 'n medeklinker na 'n kort klinker sonder hoofklem (*bobejaan, frikedel*).

Die reël omtrent die spelling van die *ie*-klank vorm een van die vernaamste bydraes. Daar word nou besluit om die klank deur *ie* voor te stel in 'n lettergreep met hoofklem en op die end, anders deur *i*. Dit is so eenvoudig as maar kan en sou tegelykertyd die weg vergemaklik tot sogoed as konsekwente verafrikaansing van vreemde woorde. As no. 4 konsekwent kon toegepas geword het, sou dit in nog veel groter mate moeilikhede en onreëlmatighede uit die weg geruim het. Daartoe sou egter nodig gewees het om te dikwels die tradisionele spelling prys te gee. Gevolglik is die reël maar in baie beperkte mate toegepas en by die volgende hersiening reeds geskrap.

So gou as 'n spelling eenmaal verander word, moet ver wag word dat wysiginge en toevoeginge nodig sal wees van tyd tot tyd. Dit was reeds in 1921 die geval toe vyf jaar na die eerste, die tweede uitgawe van die spelreëls verskyn het, saam met die 3de druk van die woordelys.* Tot die redaksie van sowel die een as die ander was getreë dr. D. B. Bosman.

Die tweede edisie van die spelreëls verskil nie baie van die eerste nie. Tog bevat dit verskillende goeie verbeteringe. Die verskille met die eerste redaksie bestaan deels uit gewysigde formuleringe, deels en veral uit gevalle van werklik gewysigde standpunt of uit toevoegsels. Die meeste behoort tot die tweede groep. Die reël omtrent die

(*) Die 2de edisie in 1918 was net 'n herdruk.

enkel-skrywe van 'n medeklinker na 'n kort klinker sonder hoofklem word prysgegee vir die oorspronklike standpunt.

Onder die eerste groep noem ons veral die spelling van die *ie*-klank en die reël omtrent *v-f*. Wat betref gewysigde standpunt, noem ons veral die volgende: die stom *w* verval heeltemal en daarmee die hinderlike *w* in *nuwt*, *nuws* en afleidinge daarvan; *ij* word vervang deur *y*; in vreemde woorde, wat nou deurgaans verafrikaans word, word *y* vervang deur *i* of *ie*; die slot-*ee* word enkel geskrywe in afleidinge (*twede* naas *tweemaal*). Twee van die grootste besware deur die publiek, veral die onderwyser, ingebring teen die eerste redaksie was dat daar te veel speling gelaat was by die spelling van vreemde woorde en dat daar twee- of selfs drieledige vorme toegelaat was. Dit sou verwarring stig. Hieraan is tegevoetgekome deur vreemde woorde so goed as deur die bank te verafrikaans en meerledige vorme so ver moontlik te beperk. Ten gevolge van die verafrikaansing van vreemde woorde word *ai* in die vervolg voorgestel deur *ê* (*affêre*, *militêr*), net soos by eg Afr. woorde. Dit bring eenvormigheid.

Gelukkig word in hierdie redaksie oorboord gegooi die *n* in *myn*, *syn* en die vorm *ik*. Algemeen vereenvoudigde vorme soos *as*, *almal*, *miskien* en *enigsins* word erken. Dis merkwaardig dat ons, ten opsigte van hierdie laaste punt en die wegval van *ij*, op 'n punt aangeland is reeds jare gelede ingeneem deur die A.T.V. en nog veel vroeër deur Di Patriot.

Die belangrikste wysiging is stellig die spelling *v-w* in die middel van vreemde woorde, alna die hoofklem (*reserve*, *reserveer*). Aanvanklik het dit nogal teenstand verwek, maar die formulering is gesond, want gebaseer op 'n eg Afrikaanse klankverskynsel. Hierdeur is die spelling van Afrikaans aanmerklik vereenvoudig.

Is hierdie wysiging en toevoegsels almal goed? In hoofsaak stellig. Dink maar aan die moeite wat bespaar word deur die verafrikaansing van vreemde woorde. Hoe moeilik was dit nie soms om die grens te bepaal, hoe willekeurig moes dit nie dikwels gebeur nie. Aan die ander kant is daar te ver gegaan met die beperking van meerledige vorme. Aan daardie beperking is toe te skrywe dat net *horlosie* en *somar* toegelaat is, sonder daarnaas *oorlosie* en *sommer* minstens te erken, vorme wat die algemene is en weldra die enigste sal wees. Dis af te keur

om *-elik* te skrywe na *d*; ten spyte van 'n vorm as *woordelik*, behoort by hierdie formasies *dl* deurgaans tot een en dieselfde lettergreep, m.a.w. dit behoort *-lik* te wees: *duidelik*, *daadlik*, *doodlik*, *eindlik*, *noordlik*, ens. Dat die *e* by nadruk gehoor kan word (*eindelik en ten laaste*) doen hier niks aan af nie.

Ewemin as in die verlede, sal in die toekoms wysiginge en aanvulling ontbeer kan word. As dit van 'n sentrale liggaam uitgaan en geleidelik kom, is daar ook op sigself geen beswaar teen in te bring nie. 'n Spelsisteem behoort so na moontlik by die algemeenste uitspraak gehou te word en so min tyd as moontlik in beslag te neem. Die Afrikaanse spelling, in afwyking van die van 'n heeltemal opsigselfstaande taal buite alle kultuurverband (b.v. 'n inboorlingtaal), moet rekening hou met die Ndl. skryfwyse, dus met tradisie. Ons kan nie ineens aanland waar ons wil en behoort te wees nie. Tog kan ons nou ook praat van skryfervaring en wat vroeër nie moontlik of raadsaam was nie, kan dit vandag wel wees. Omtrent die kwessie *v-f* en *y-ei* het ons reeds gespreek. Laat ons hier nog enige punte noem (na volledigheid word nie gestreef nie) wat oorweging vereis:

1. Tereg word die slot-*d* behou in woorde soos *hand* en *wild*, omdat baie dit nog uitspreek in die verboë vorme: *hande*, *wilde*.^{*} Maar wat omtrent die verbindings *nd*, *ld*, *rd*, buite die fleksie? Hier gaan hul algemeen oor tot *nn*, *ll*, *rr*: vorme soos *ander*, *onder*, *sonder*; *kelder*, *helder*, *hierdie*, *daardie* word uitgespreek *anner*, *onner*, *sonner*; *keller*, *heller*; *hierie*, *darie*. Die spelling *hoender* bly „'n steen des aanstoots” en skeiding tussen vaste en onvaste vorme sal nie moeilik wees nie.

2. Dis noodsaaklik om 'n aparte teken te hê vir die *g* in 'n woord soos *nege*, al moet ons ook twee tekens gebruik en *gh* kies.

3. Die spelling van eiename moet nader gereël worde, veral met die oog op die vertaling van die Bybel. Gaan ons skrywe *Noach*, *Sinai* òf *Noag*, *Sienai*? M.i. die laaste.

4. Afrikaanse plaasname waarin nie persoonsname opgesluit is nie, moet met die uitspraak in ooreenstemming

(*) Daarom doen Boshoff verkeerd met die erkenning van die agtervoegsel *-geid* te bepleit (*Volk en Taal van Suid-Afrika*, bl. 285). Behalwe na slot *g* gaan *-geid*, hoe gewoon ook, in die mv. oor in *-hede*.

gebring worde: b.v. *Stellenbos, Pêrel, Soutpansberg* i.p.v. *Stellenbosch, Paarl, Zoutpansberg*, maar *Maritzburg*. Baie doen dit reeds, maar ons moet eenheid hê.

5. Baie skrywe *nu* in samestelling soos *Nunederlands, Nuseeland*, wat 'n storende normalisering is i.p.v. *Nieu-nederlands, Nieuuseeland*.

6. Die spelling van die onbep. lidw. met 'n hoofletter aan die begin van 'n sin ('N) verdien algemene navolging.*

7. Die gebruik om *toe* as agtervoegsel te beskou (vgl. Ndl. *-waarts*) en met die vorige snw. te verbind, soms met 'n koppelteken, mits geen voorsetsel voorafgaan nie, bly die beste weg om te volg, al hinder dit in jonger formasies (*Prétoria-toe, bioskoop-toe*), terwyl dit doodgewoon lyk in oueres (*huistoe, veldtoe, dorptoe, Kaap-toe.*)

8. Die aaneen-skrywe van woorde veral lewer dikwels moeilikheid op. Weliswaar word veral hier gevoel dat die spelling geleidelik moet kom, alnmate begrippe gewysig en vorme ingang gevind het. Tog is dit nodig om die hooflyne aan te duie waarlangs 'n samestelling beoordeel kan word. Dis 'n berugte skryffout om in Afrikaans, onder Engelse invloed, apart te skrywe wat bymekaar moet wees, maar in die laaste tyd word stellig te ver gegaan in teenoorgestelde rigting. *Gladnie* skrywe baie aanmekaar die laaste tyd. „Knop” en J. H. H. de Waal het dit jare gelede gedoen (ook baie Duitsers skrywe *garnicht* aanmekaar). Vir my het *glad* nog voldoende 'n aparte begrip om apart geskrywe te word. Baie sterker voel ek omtrent die gewoonte van heelwat om *ou* in die verswakte betekenis met die snw. te verbind: *ou-Piet, ou-Kol*. Dit is m.i. stellig af te keur. Samestellinge soos *linkerhand, regterhand*, bly tog maar storend. En moet ons skrywe *ten spyte van, ten gevolge van, ten dele, ten einde* òf *aanmekaar*? M.i. die eerste. In die Afrikaanse bewerking van die Psalme kom herhaaldelik voor *hoë vertrek*: dit moet wees *hoogvertrek*. Die omstandigheid dat die eerste deel onverboë bly wys reeds in die rigting van 'n samestelling, net soos by *fransdruive, privaat-sekretaris, Westelik-Transvaal* (in teëstelling met „in die *westelike Transvaal.*) Aan die ander kant sal niemand

(*) Dr. D. F. Malherbe van Bloemfontein het die eerste hiermee beginne. In die 17de eeu was dit gewoon in Holland en in die vorige het Prof Cosijn dit oorgaans gedoen.

hoëpriester apart skrywe nie, hoewel die eerste deel ver-
buig is, en onwillekeurig sal gevoel word dat *sware-weer*
er: *mistige-weer* ook samestellinge vorm. In die laaste
voorbeelde laat ons ons lei deur die eenheid van begrip
wat die geheel aangeneem het, en deur die omstandigheid
dat dit net een hoofklem bevat: in betekenis en hoofklem
is *sware/weer* 'dikvleis, 'groendruive, 'ou'vrou iets heel
anders as 'swaar weer 'dik 'vleis, 'groen 'druive, 'ou'vrou.
Hierdie saak is egter lank nie so eenvoudig nie, want ver-
skillende beginsels gryp inmekaar, sodat ons spelreëls
stellig meer voorligting oor die punt moet gee.

Verskillende uitgewers het hulle korrektors om die mss.
na te sien, sonder altoos dieselfde weg te volg. Editeurs
en redakteurs van koerante en tydskrifte verskil dikwels.
In 'n jong taal soos Afrikaans is baie vorme nog in wor-
ding en moet die spelling geleidelik kom. Ook is vryheid
in seker mate onmisbaar, want dit gebeur baiekeer dat
eers na skryfervaring die een of ander spelling as die
beste erken word. Te veel vryheid moet egter nie gelaat
word nie, want dan kan dit lastiger word as om jou te
hou aan vaste skryfwyses, reg of verkeerd, soos b.v. in
Engels. Ook moet voorkom word dat ongewenste spel-
lings bestendig word. Daarom is dit volstrek noodsaaklik
dat die spelreëls en woordelys voortdurend bygehou word.
Veral die woordelys moet baie uitgebrei worde, met die
oog op die vertaling van die Bybel en allerlei handboeke.
Die ontstaan van wordeboeke maak die behoefte aan 'n
woordelys nie oorbodig nie; intendeel. En die spelreëls
en die woordelys moet aan die hoogste taalliggaam opge-
dra bly, die Akademie.



HOOFSTUK II.

FLEKSIE- EN DEFLEKSIE- VERSKYN- SELS IN AFRIKAANS.

Deur Dr. A. C. BOUMAN.

INLEIDING

IN 'n opstel onder bowestaande titel, opgeneem in 'n Gedenkboek, sal die lesers nie verwag om 'n wetenskaplike betoog, in alle besonderhede uitgewerk, oor die onderwerp te kry nie. Dit lyk my meer gewens om enige algemene beskouinge, vasgeknoop aan die bespreking van karakteristieke en in die oog vallende besonderhede, te hou, waaruit die leser hom kan orienteer oor die aard van die vraagstuk, en waarmee volgende ondersoekers moontlik hulle voordeel sal kan doen.

Uit hierdie oorweging volg dat ons prinsipiële kwessies oor metode en algemene gesigspunte van die moderne taalwetenskap sal moet aanroer, waarby karakteristieke sitate van groot linguïste vir hulleself moet spreek. By die kies van sulke sitate probeer ons om objektief te werk te gaan, d.w.s. ons wil sitate, wat alleen staan of wat in ondersoekinge oor klein onderdele van die taalwetenskap deur minder bekende skrywers voorkom, nie op die eerste plek gebruik nie. Dit het in die verlede, ook op Afrikaanse terrein, al gebeur dat die krag van sitate bestry is, omdat hulle van 'n minder-gesaghebbende skrywer oorgeneem sou wees. Hoewel onkunde hierby dikwels die vader van die twyfel is, wil ons deur 'n aanduiding van

ons bedoeling met die sitate oorhaastige besware daarteen probeer voorkom.

§1. DOEL.

Die doel wat vandag die taalvorser by die studie van die fleksie- en defleksieverskynsels in Afrikaans voor oë behoort te staan, is nie: 'n waardebeplanning te gee van die Afrikaanse taal as 'n voertuig vir digterlike of wetenskaplike uitinge nie. In die verlede het dit seker veelvuldig nodig gewees om die goeie reg van Afrikaans naas Engels en Nederlands te bepleit; maar vandag vorm die geskiktheid van Afrikaans as 'n voertuig vir gedagte en gevoel nie meer 'n punt van bespreking in die wetenskap nie.

Veral die verdwyn van fleksie-uitgange mag 'n mens nie meer as 'n taalverarming bestempel nie. Jespersen se stelling dat die taalewolusie, wat fleksie-elemente oopruim, progressief is, word taamlik algemeen aanvaar, al is dit nie sonder restriksie nie. Die resultate van sy boek "Progress in Language" (1894) word vrywel onveranderd opgeneem in sy later werk "Language" (1922), hoofstuk XVIII: "Progress", waarby ons egter wil wys op die passasie: "In historical times we see a gradual evolution of strict rules for word order, while our general impression of the older stages of our languages is that words were often placed more or less at random. This is what we should naturally expect from primitive man, whose thoughts and words are most likely to have come to him rushing helter-skelter, in wild confusion. One cannot, of course, apply so strong an expression to languages such as Sanskrit, Greek or Gothic; still, compared with our modern languages, it cannot be denied that there is in them much more of what from one point of view is disorder, and from another freedom" (p. 356). Die versigtigheid en die argumente van sy teenstanders gebied Jespersen om ou kultuurtaale met baie fleksie-vorme nie sonder meer inferieur te noem nie. Hierdeur word sy hele gevolgtrekking teruggebring tot 'n meer beskeie afmeting. Van 'n meer filosofiese standpunt word die saak opnuut behandel in Jespersen se laaste werk "The Philosophy of Grammar" (1924); ons neem daaruit die volgende oor: "The demand for grammatical concord in these cases (concord between a substantive and its adjective and between a subject and its verb) is simply a consequence of

the imperfection of language, for the ideas of number, gender (sex), case and person belong logically only to primary words and not to secondary ones like adjective (adjunct) and verb. So far, then, from a language suffering any loss when it gradually discards those endings in adjectives and verbs which indicated this agreement with the primary, the tendency must, on the contrary, be considered a progressive one, and full stability can be found in that language alone which has abandoned all these clumsy remnants of a bygone past" (p. 345). Die instemming van die moderne taalgeleerdes kan ons goed weergee deur 'n uitspraak van Hugo Schuchardt: „Jespersen wird mir wohl nicht widersprechen, wenn ich Dänisch und Englisch für logischer halte als die alten Sprachen und hinzufüge, dass sie logischer erst geworden sind, indem sie sich zum grossen Teil von dem arischen Flexionsballast befreit haben" (uit 'n bespreking van Jespersen se boek „Sprogets Logik", oorgeneem in die Hugo Schuchardt—Brevier, 1922, p. 259). Schuchardt, die meester op die gebied van taalvermenging, maak êrens die Europeane daarop opmerkzaam, dat hulle maar alte gewoond is om hulle eie tale as modelle te beskou, en die tekortkominge daarvan nie te besef nie. Hy sê in hierdie verband: „Ons sien die splinter in die oog van die vreëmdeling maar nie die balk in ons eie oog nie" (Brevier p. 137).

Opm.—'n Geleerde wat sterk waarsku teen die begrip „vooruitgang" in die taal is J. Vendryes, in sy boek „Le Langage". In 'n bespreking van hierdie werk, in *Levensche Bijdragen XV, Bijblad* p. 95—100, noem J. Mansion Jespersen se „Progress in Language" 'n geskrif wat meer na die smaak sal wees van die groot publik, maar wat ten dele buite die kring van die eintlike taalwetenskap val; Vendryes daarenteen bly trou aan 'n streng metode.

§2. FLEKSIE EN FLEKSIE-RESTE.

Die titel van ons opstel sou laat vermoed dat die fleksie-reste in Afrikaans netso belangrik is as die verskynsel van defleksie op groot skaal. Maar dit hoef nie nader be-toog te word dat die fleksie-reste hoogstens 'n belangwekkende kant vertoon van die groot proses van defleksie nie. Die laaste verskynsel, so by uitstek merkwaardig vir Afrikaans, is die oorheersende probleem van ondersoek in die Afrikaanse taalkundige literatuur. En hoogs waarskynlik verdien die merendeel van die fleksie-reste, „uit Nederlands geërf" nie die naam nie, maar is bloot 'n open-

baring van een en dieselfde ewolusie wat die Nederlandse taal in Suid-Afrika deurgemaak het.

§3. TAALVERMENGING, SOWEL VAN NEDERLANDSE DIALEKTE AS VAN NEDERLANDS MET ANDER TALE, IS 'N UITVLOEISEL VAN MILIEU-VERMENGING. DIALEKTISMES.

Ons is lankal gewoond om die taal te beskou as 'n maatskaplike en sosiale verskynsel. Maar om 'n taal regtig as die uitvloeisel van maatskaplike verhoudinge te behandel, is 'n hoogs moeilike taak. Die ondersoekers mag alreeds tevrede wees, as hulle die wisselwerking tussen die maatskaplike posiesie van 'n skrywe of spreker en sy individuele spraakgebruik kan aantoon. Dit is dan ook die weg wat deur moderne sintaksis-ondersoekers ingeslaan word: die weg van induksie, om van die individuele taalgebruik op te klim tot die norme wat die algemene taalgebruik beheers.

Opm.—Lees die boeiende en deurdagte opstel: „De studie der Nederlandsche syntaxis” van G. S. Overdiep in *De Nieuwe Taalgids* XIX, p. 182—199. Vir sy metode moet bestudeer word die nuwe Ferguut-uitgaaf. Oor die verhouding van stilistiek tot sintaksis, d.i. die individuele spraakgebruik tot die uniwersele is veel lesenswaardigs te vind in R. Blümel se „Einführung in die Syntax.”

Die mees tasbare resultate kan bereik word wanneer dit gevalle betref van taalvermenging, liefs van baie uiteenlopende tale. Die naam van Schuchardt wil ons hier net aanstip. Maar ook die moderne dialekondersoek het al 'n massa leersame materiaal aan die lig gebring op gebiede, waar nie so ver uiteenlopende dialekte vermeng is of gebots het. Die Franse Atlas Linguistique van Gilliéron en Edmont, die Engelse Dialect-Dictionary en Dialect-Grammar van Wright, die Duitse Sprachatlas van Wenker, en veral die geografiese dialekondersoekinge van Frings en Kloeke is vir 'n ieder wat op hierdie terrein werk, onmisbaar.

Wat Afrikaans betref word in die wetenskaplike literatuur aan twee maatskaplike en dialektiese vermenginge veral aandag geskenk: die samestelling van die blanke bevolking van Van Riebeeck se tyd af aan, en die vermenging of altans aanraking van die blankes as 'n geheel beskou met die gekleurde rasse.

Die resultate wat binnegehaal is, hoewel nie onbelangrik nie, maak ons eintlik net baie verlangend om noukeu-

riger op hoogte van sake te kom wat betref die maatskaplike vermenginge wat in Suidafrika hulle spore op die taal afgedruk het. Maar al te dikwels bly die mense, wat tog die aktiewe faktore gewees het, vir ons verborge; enkele uitsonderinge, soos b.v. die Hottentottin Eva, wat by taalkundiges 'n bepaalde populariteit geniet, word wesens van vlees en bloed.

Die studie van die verhoudinge in getalsterkte tussen sprekers van uiteenlopende dialekte en tale het uit die aard van die saak die historiese meeste besiggehou. Colenbrander se boek „De Afkomst der Boeren” getuig daarvan. Wat daardie hoogs belangrike en betroubare boek beteken vir die taalstudie, mag b.v. blyk wanneer taalvorsers hulle daarmee besighou. Dr. D. B. Bosman het 'n paar opstelle gepubliseer: „Oor die afkoms van die Boere” in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* I p. 206—214, en „Afrikaanse taaltoestande tydens Jan van Riebeeck” in dieselfde tydskrif I p. 4—17. In die eerste daarvan word Colenbrander se ondersoekings „voortgezet en op enkele punten gewijzigd” soos Prof. Hesseling dit uitdruk in „Het Afrikaans” p. 19, in die tweede is die materiaal meer verwerk en die woonplekke van die eerste Koloniste in die moederland deur 'n sirkel omskryf, met Gouda as middelpunt en Gouda-Amsterdam as straal. Opmerkinge word daaraan vasgeknoop, wat gemaak kan word na aanleiding van enige dergelike onderwerp, maar wat nie noodsaaklik uit die onderhawige geval voortspruit nie, soos b.v. oor die betekenis van die maatskaplike posisie, wat in aanmerking geneem moet word as ons die invloed van iemand se taal wil meet, e.d.m. Maar uit 'n suiwer filologiese oogpunt is die uiteensettinge in sover teleurstellend, dat hulle ons niks tasbaars in die hande gee om die direkte wisselwerkinge te meet nie.

Op die terrein van die milieu-vermenging tussen blankes en gekleurdes is die oes nouliks ryker. Ons kan dit o.m. daaraan beoordeel, dat daar baie uiteenlopende opinies vandag nog heers omtrent die feitlike rol wat b.v. die inboorlinge van Suid-Afrika by die taalverandering gespeel het.

Opm.—Vergelyk my opstel: „Het Afrikaans” in *De Nieuwe Taalgids* XVIII, p. 122—131.

Selfs as ons baie noukeurig op hoogte van sake sou wees wat betref die persente Noord- en Suid-Hollanders, Seeue, Duitsers, Franse en ander koloniste in die eerste

halwe eeu van die volksplanting, dan nog is daar die grootste willekeur moontlik by die interpretasie van daardie gegewens. Ons wil nie sê dat daar opsetlike willekeur by die skrywers in die spel is nie, maar onbewuste willekeur is amper nog erger. Wanneer b.v. die Afrikaanse voornaamwoord *ons* vir Nederlands *wij* op rekening gesit word van die 5 Seeue wat hulle onder die 104 Nederlandse vryburgers aan die Kaap bevind het in die jare 1657 tot 1662, of selfs van die 20 Seeue uit die 110 Nederlandse stamouers in die jare 1652-1712, dan wil ons nie antwoord dat die ingrypende invloed van daardie Seeuse manne op hulle omgewing, wat numeriek soveel sterker was, absoluut onmoontlik is nie. Maar as ons ons so uitdruk, dan maak ons tog ons welwillende twyfel kenbaar. Met reg sê Dr. Bosman dan ook: „Tog is dit duidelik dat nie al te veel nadruk op die Seeuse invloed mag gelê word nie—soos dikwels gebeur—want hier weeg die eerste loodjies die swaarste!” (*Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* I p. 12).

Diselfde geld vir baie ander Afrikaanse eienaardighede, wat so dikwels uit ver uiteenliggende Nederlandse dialekte verklaar word. Die staalkaart van Nederlandse dialektvorme in Afrikaans—ek sou hulle wil bestempel met die benaming *dialektismes*—kry in die oog van sommige geleerdes soos b.v. Dr. Hesseling, 'n al te bonte aansien. Wanneer dit wetenskaplik kon aangetoon word dat die invloedsfere tesame werklik so'n bont staalkaart sou opgelewer het, dan moes dit aanvaar word. Ons moet erken dat daar in so'n ryk geskakeerde landskap baie aantrekliks is. Maar: so'n bont verskeidenheid van invloede, wat hulle op een en dieselfde—en in die geval 'n taamlike klein—gebied openbaar, is eerder te verwag in 'n dialek wat eeue lang in voortdurende langsame wisselwerking gestaan het met sy omgewing. Ons is reeds gewoond om ons nie meer te verwonder oor die skynbaar grillige en haas willekeurige lynespeel wat die isoglose en isofone aan die oog vertoon in sommige ou Europese taalstreke. Intendeel: die filoloog beskou die grootste grilligheid van so'n spinnerak as 'n aantreklike voorwerp van ondersoek. Maar by Afrikaans lê sake anders.

Die taalgebied, hoewel vandag geografies uitgestrek, was dit nie in die kritieke tyd van sy wording nie. Al die taalgeleerdes stem tot dusver ooreen dat die eerste 50 jaar van die volksplanting aan die Kaap—ons neem

hierdie ronde getal—die wording van Afrikaans aanskou set. Die dialekgebied was uiters klein, die taalverandering, op die eerste plek die *defleksie*, uiters groot. En in 'n dergelike geval is dit 'n metodiese vereiste om te soek na één oorheersende bewegende faktor, wat wel same met ander faktore gewerk het, maar wat hom tog duidelik as die oorheersende element afteken.

Opm. I.—By sommige skrywers kry 'n mens die indruk, dat hulle die tydperk van 50 jaar te kort vind, en dus meen dat Afrikaans sy eintlike eie karakter later gekry het, b.v. in die m'ddel of die end van die agtiende eeu. Ons het egter nie konkrete gegewens gevind wat beslis teen die termyn van omtrent 50 jaar indruis nie.

Opm. II.—Die vermenging van dialekte is met die oog op de' verdwyning van die persoonsuitgange van die werkwoord kort, maar helder uiteengesit deur J. J. le Roux, „Oor die Afrikaanse Sintaksis” §412. Hy lê veral nadruk op die aanraking en vermenging met Platduits, omdat in daardie dialekgroep, net soos by Afrikaans, veral die uitgange *t* of *et* en die toonlose *e* uit *-en* weggeval, of deur analogie die enigste uitgang van die werkwoord geword het. Sy slotsin lui: „Maar genoeg om te laat sien, hoe die dialekmenging sowel as die taalmenging die nuwe groepering in Afrikaans in die hand gewerk het.” In sy algemene strekking kan ons dit onderskryf, sonder om egter 'n opinie te wil uitspreek oor die direkte invloed wat van Platduits op die defleksie van Afrikaans uitgegaan het.

§4. „TEORIEë” OOR DIE OORSPRONG VAN AFRIKAANS. DIE SOGENAAMDE MALEIS-PORTUGESE TEORIE IS, ONDER VOORBEHOUD, DIE MEES BEVREDIGENDE, OMDAT DIT IN EERSTE INSTANSIE GEBASEER IS OP SOSIALE EN MAATSKAPLIKE VERSKYNSELS.

Daar bestaan meer as een „teorie” om die „ontstaan van Afrikaans” te verklaar. Hulle verskil in meer as een opsig, veral in graad. Sommige meninge verdien die benaming „teorie” in sterker mate as ander, met name wat betref die eenheid van sienswyse en deurvoering van metode. Die term „teorie” het 'n slegte byklank, maar ons behou dit gemakshalwe. Enigeen wat daardie sogenaamde teorieë met 'n besadigde oordeel bekyk, sal tot die slotsom kom dat nie een van hulle in staat is om die ontstaan van Afrikaans ten volle te verklaar nie. Die Maleis-Portugese teorie verklaar verskeie en hoogs tiepiese eienaardighede. Maar as ons dit so uitdruk, is ons te vaag, ons moet lieverste sê: verskeie hoogs tiepiese Maleis-Portugese eienaardighede. Want die moderne we-

tenskap vind meer baat by die grondige en uitsluitende verklaring, met al die bykomstige omstandighede en moontlikhede, wel oorweeg, van een enkele verskynsel, as by die altyd vae en vir verkeerde uitleg vatbare leuse van teoretisie. Natuurlik sal Dr. Hesseling, die groot voorstander van die Maleis-Portugese invloed as verklaringsfaktor van die meeste Afrikaanse eienaardighede, die eerste wees om dit te beaam, en hy sê dit ook met nadruk in die tweede uitgaaf van sy boek.

Ons beskou die verskillende teorieë dan ook:

1e as versamelname vir 'n reeks verskynsels wat deur verskynsels uit eenselfde gebied verklaar word; hulle verskil as sodanig dus nie van b.v. die analogiewerking op 'n bepaalde terrein nie;

2e as in die historie voltrokke reekse van gebeurtenisse en toestande, wat vir die een taal, hier Afrikaans, van gewig was vir sy groei, en wat deur ooreenkomstige trekke byeengegroepeer behoort te word.

Net so min as die sogenaamde klankwette is hulle dus algemeen geldende en lewend werkende faktore, maar niks meer of minder as die som van 'n aantal gelyksoortige fenomene of historiese fakta nie. *Alleen onder hierdie sterk beperkende begripsbepaling* is ons bereid om te sê: die Maleis-Portugese teorie is die mees bevredigende, aangesien dit, *tot vandag toe*, die grootste groep van gelyksoortig verklaarde belangrike verskynsels omvat, m.a.w. die grootste vak is, waaruit die taalvorser sy gegewens kan put om die geskiedenis van die Afrikaanse taal te verhef op die basis van die algemene linguistiek. Ook is hierdie teorie in besondere mate gegrond op 'n sosiale beskouing van die taal, soos ons in §3 bespreek het.

Met hierdie oordeel oor die Maleis-Portugese teorie staan ons nie alleen nie; ek wil net die naam noem van Prof. Van Wijk, 'n taalgeleerde met 'n wêreldnaam, wat nie lank gelede nie gesê het in *De Nieuwe Taalgids* dat die „Maleis-Portugese teorie” vir hom nog die waarskynlikste lyk.

Ek wil hier nie nalaat om te sê, dat daar na my mening nie die minste rede bestaan om aanstoot te neem aan of gekrenk te voel deur die Maleis-Portugese teorie nie. Ek herinner die leser aan die aanhaling uit Schuchardt oor die balk en die splinter in §1. 'n Afrikaanse skrywer, wat ons almal bewonder, het na aanleiding van Dr. Hes-

seling se teorie eenmaal geskrywe: „ons is maar gewend om ook waar dit nie waar is nie, deur vreemdelinge sleg-gemaak te word.” Ek bejammer hierdie uitspraak, want Prof. Hesseling se belangstelling vir die Afrikaanse taal en beskawing is groot, en nie beperk tot sy eie teorie nie. Ek skryf hier die laaste woorde uit sy boek oor: „Ons vast vertrouwen dat die taal, uit een nederig begin en onder verdrukking en stryd tot wasdom gekomen, zich in de loop der tijden zal ontwikkelen tot een voertuig van de verhevenste gedachten, is niet beschaamd. De ontluikende schoonheid van de jonge letterkunde waarborgt ons de triomf van 't Afrikaans en de toenemende bloei der beschaving van onze stamgenoten.”

* * * *

'n Sterk steun vir die Maleis-Portugese teorie bied die werk van Dr. J. J. le Roux: „Oor die Afrikaanse Sintaksis”. Verskeie tiepiese Afrikaanse eienaardighede, wat die sintaksis, en dus die taaleie raak, word deur hom op rekening van Maleis-Portugese invloed gebring. In sommige gevalle is dit uitsluitend daardie invloed wat gewerk het, in ander weer het Maleis-Portugees gehelp om 'n verandering van Nederlands teweeg te bring.

* * * *

Ons wil hierby met nadruk opmerk dat op hierdie terrein, net soos in die algemene linguistiek, die *pluralistiese verklaringsprinsiepe* veral moet toegepas word. Met ander woorde: om *alles* te wil verklaar deur een teorie moet noodwendig doodloop op 'n sielloose, want meganiese, ske-matisme. Hierdie prinsiepe is o.a. uitgewerk deur Vossler in sy opstel: „Kulturgeschichte und Geschichte”. in die bundel „Gesammelte Aufsätze zur Sprach-philosophie” (1923.)

Opm.—Vergelyk die bespreking deur Prof. H. J. Pos, *Neophilologus* X, p. 310—312.

Oor die algemeen kan ons konstateer dat in die Afrikaanse taalwetenskap met die taalvermenging, in ruime betekenis opgevat, taamlik rekening gehou word. Wanneer daar van „spontane ontwikkeling” van Afrikaans uit Nederlands gepraat word, dan word daarby tog as van-self-sprekend toegegee dat vermenging van Nederlandse, en wellic ook ander Europese dialekte aan die Kaap plaas-

gevind het. Ons wil opmerk dat die term „spontane ontwikkeling” nie al te letterlik moet geneem word nie. Wanneer dit wil aandui dat die swaartepunt van die ewolusie te vinde is in die Nederlandse dialekte self, of beter: by die Nederlandssprekendes, dan kan ons daar vrede mee hê. Wanneer dit egter elke invloed van taalvermenging met ander rasse wil uitsluit, of selfs dit tot enkele losstaande kleinighede wil beperk, dan moet ons a priori skepties daarteenoor staan. Ek verwys die leser weer na Schuchardt, uit wie se opstel „Die lingua franca” in genoemde brevier ’n uitvoerige aanhaling opgeneem is (p. 137-141). Hierin word skerp deur een voorbeeld gedemonstreer hoe belangrik die rol is van die Europeaan by vorming van die lingua franca. Dis naamlik hy wat die mees geskikte vorme uitkies as bemiddelaars tussen hom en die vreemdeling, wie se rol dus passief is, insover hy die noodsaaklikheid van min en duidelike vorme in die lewe geroep het.

Om hierdie § te besluit wys ons daarop dat na die vaststelling van al die kenmerke en hulle oorsake afsonderlik, daar ’n sintese moet volg, wat vir ons ’n totale karakteristiek van Afrikaans in die omgewing van die germaanse dialekte moet oplewer. Ons siteer: „Presies so definieer ons ook ’n dialek deur die verskillende kenmerke wat *verenig* daarin voorkom, elk waarvan ook elders mag aangesit word, maar waarvan die gesamentlike aanwesigheid op een plek iets eienaardigs uitmaak, waarvan ons die betekenis moet uitvind. En ten slotte maak ons by die beskrywing van ’n gesig niks anders: ’n skerp neus, of ’n breë mond gee aan hulle besitter nie ’n aanspraak op originaliteit nie, eers die gesamentlike aanwesigheid van so en so veel aparte trekke, wat slegs eenmaal voorkom, maak die eienaardige van die gesig uit, en eers uit die vereniging van al die trekke kan ’n mens die uitdrukking van ’n gelaat bepaal” (Leo Spitzer, *Germanisch-Romanische Monatsschrift* XIII p. 176).

So opgevat mag ons nie sonder meer vyande wees van alle teorie nie; die werk van Prof. Hesseling, wat so ’n totaal-voorstelling nastreef, vorm nie ’n teenstelling met ander werke nie, soos die van Dr. J. J. le Roux, wat in eerste instansie die afsonderlike kenmerke toets. Intendeel, dit is wat ons wil hê: noukeurige detail-ondersoek, en daarop gebaseer ’n sintese.

§5. METODE. BETEKENISLEER.

Die metode wat by die ondersoek van die genetiese gang van sake gevolg behoort te word, kan ons in kort as volg karakteriseer:

Aangesien die fleksie en al die elemente wat dien om dit te openbaar, faktore is wat die innerlike waarde van 'n taal help uitdruk, sal dit duidelik wees dat die ondersoek na die verdwyn daarvan in Afrikaans hom moet laat lei deur die reëls wat die betekenisleer beheers, en wat deur die studie van daardie gebied blootgelê is.

Die betekenisleer het lank die stiefkind van die taalstudie gewees, en vandag nog moet dit as die jongste en mins uitgegroeide spruit van al die kinders beskou word. Maar die opbloeï daarvan in die laaste 25 jaar, en die gewigtige resultate alreeds verkry, gee dit reg op die ere-plek, wanneer daar 'n afgeronde beskrywing van enige taal gemaak word, sowel wanneer die ondersoek klassifiserend as wanneer dit histories-geneties is. Die beskrywing van die fleksie van 'n taal het alleen reg van bestaan deurdat dit een kant van die funksie- en betekenisleer openbaar.

§6. METODE. SINTAKSIS.

Die tweede plek na of naas die Betekenisleer word ingeneem deur die *Sintaksis*. Dit is die enige *funksie-leer*, en word deur sommige gesaghebbende taalgeleerdes, b.v. E. Lerch, gelykgestel met die Betekenisleer. Volgens dieselfde outoriteit mag in 'n grammatika die klankleer en fleksieleer (of „vormleer-woordleer”) slegs die waarde hê van ekskursies by die Sintaksis. Die bekende Franse linguïst Sechehaye rangskik afleiding, samestelling en fleksie onder die Sintaksis. Anders kry ons die berugte „kerkhof-grammatikas”.

Die hele defleksie en die nuwe middels wat die verlies kompenseer, wat tegelykertyd oorsaak kan wees, is onverbreeklik verbonde met die sinsvorming en sy veranderinge. Sinds Jespersen se 'Progress in Language' staan hierdie verband, altans vir die Engelse taal, duidelik afgeteken op die blaai van die historiese grammatika. Wel is Jespersen se werk in meer as een opsig te simplisties, maar sy verdienste hly onaantasbaar, naamlik dat hy veral meegehelp het om die historiese taalstudie te bevry van die juk van die klankleer, wat soos 'n meulsteen om

sy nek gehang het. Die eensydige en bekrompe behandeling wat die fonetisie—wie se verdienste ons origins nie misken nie—aan die historiese grammatika wou opdring, is nou „ad acta” gelê. Die sterkste uiting van afkeer en kritiek word miskien in die veel aangehaalde leus beliggzaam: „die bankrot van die fonetiese etimologie”—etimologie in die ruimste sin geneem.

Ook die Sintaksis het te lank gesug onder die sisteem van die Latynse grammatika, wat 'n erfenis was uit vroeër tye, veral die Renaissance en opnuut die agtiende eeu.

In later tye is daar verskeie klassifiserende, op direkte waarneming gebaseerde beskrywinge van die sinsbou gemaak, waarby die individuele taal sô goed as die van klein dialekgebiede die punt van uitgang vorm. Die sisteme van beskrywing sowel as die algemeen geldende wette wat die veranderinge in die sinsbou beheers, is tot vandag toe altyd nog die onderwerp van baie diskussie, wat uiters leersaam is om te volg.

Opm.—„Oor die Afrikaanse Sintaksis” van J. J. le Roux, Inleiding, is nuttig om te lees.

Een resultaat staan soos 'n paal bokant die water: al die veranderinge van vorme moet bekyk word as gebeurende in die sinsverband, want nie die woord is die primêre in die taal nie, maar die sin. Vir die Afrikaanse taalstudie volg hieruit dat die enigste weg om tot kennis van sake te kom die vergelyking van die Afrikaanse taaleie met die Nederlandse sal wees.

§7. PSIGOLOGIE EN LOGIKA.

Dit sal nuttig wees om in hierdie stadium van ons uiteensetting in kort aan te dui watter rol die psigologie en logika in die algemene linguïstiek vervul, en ook by die ondersoek van die defleksie in Afrikaans behoort te speel. Oor hierdie prinsipiële vraagstuk bestaan daar so'n groot literatuur, dat ons hier nie meer kan gee as 'n paar aanduidinge nie.

In Suid-Afrika was die saak aan die orde in 'n paar opstelle in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns III*, geskryf na aanleiding van die Afrikaanse Spraakkuns van Bouman en Pienaar. Ook in hierdie paar kort stukke is natuurlik die laaste woord nog nie geskryf nie. Dr. Bosman pleit vir die oorweënde, ja enige rol van die psigologie, en noem op p. 159 'n ry name wat as outori-

teite sy mening moet dek. Hierdie name moet tegelykertyd dien om ons sitate uit Dr. Pos se boek „Zur Logik der Sprachwissenschaft” wat ’n ander strekking het, ’n bietjie van hulle krag te beroof. Dr. Bosman se sinsnede: „een verdwaalde swaeltjie maak nog geen somer nie” is egter misplaas. Want „die heer Pos” is, reeds deur sy amp as professor, nie ’n verdwaalde swaeltjie nie. En in sy pleidooi vir meer logika, en minder vae psigologiese teorie staan hy ook nie alleen nie! Juis ondersoekers van sintaksis en taaleie gooi die ballas van te ver deurgedrewe psigologie soms oorboord en kom tot besinning. Ek noem slegs die naam van Karl Voszler. In sy hoogs belangrike werk: „Sprache als Schöpfung und Entwicklung”, reeds in 1905 verskyn, sê hy o.m.: „Es wäre Zeit, dasz die Psychologen von heute sich entschlossen. ob sie Erkenntnistheorie oder Physiologie treiben wollen. Mit ihrem naturphilosophischen Mischmasch aber sind sie uns allen ein Greuel und eine Gefahr geworden. Ich sehe die Zeit kommen, wo sie weder vom Naturforscher, noch vom Historiker, noch vom Philosophen mehr ernst genommen werden” (p. 105-106); en ook: „die psigologie oefen op die resultate van die taalgeskiedenis dieselfde beslissende invloed uit as die weerhaan op die rigting van die wind” (p. 27). En dit, terwyl juis Voszler die groot voorvegter is van die idealisme in die taalwetenskap!

In die reeds in §3 genoemde opstel skryf Overdiep: „Ik wijs met nadruk op dezen vorm van ophemeling der psychologie ten koste van de logica, omdat nòch Blümel, nòch een ander taalkundige, nòch zelfs (bij mijn weten) de psychologen van beroep, in staat zijn geweest een systeem van psychologische onderscheidingen aan de hand te doen, waarmee een syntacticus bij de practische beschrijving der groepen en hun classificatie kan te werk gaan.”

So sou ons verder kan gaan met ’n bloemlesing te maak, maar ons wil nou lieverste konkludeer: Naas dié „psigologiese” beskouing van die taalverskynsels behoort aan die „logiese” ’n gelykwaardige plek ingeruim te word, op gevaar van anders die naam te kry van ’n slegte psigoloog sowel as ’n slegte linguïst.

* * * *

Met betrekking tot die Afrikaanse defleksie moet ons in die oog hou dat fleksie-vorme ’n logiese inhoud en be-

tekenis besit, en dat hulle teweens 'n psigologiese funksie vervul. Sodat die verlore-gaan daarvan sonder meer, d.i. sonder enige skadeloosstelling, 'n vermindering moet beteken van die logiese uitdrukkingsvermoë van die taal, en ook van die gevoelswaarde. Altans moet ons rekening hou met so'n vermindering *in die kritieke tydperk van ontwikkeling*, sonder dat dit vandag nog voelbaar hoef te wees.

Ons sou ons mening kan verduidelik deur daar op te wys dat 'n eg Afrikaanse skrywer soos Langenhoven meermale getuig het dat die Bybel en die Psalme in „Hoog-Hollands” vir hom 'n groter gevoelswaarde besit as die Afrikaanse vertaling; terwyl dieselfde skrywer nie meer daaraan sal dink om Hoog-Hollands te besig as 'n voertuig vir sy gedagtes nie.

§8. OOR KLANKWETTE.

„Hoe gebeur klankwijzigingen? Hierop is nog nooit geantwoord.” Dit skryf J. Mansion in 'n bespreking van J. Vendryes se boek: *Le Langage, Leuvensehe Bijdragen XV, Bijblad p. 97.*

Vendryes sê: „wil 'n verandering tot 'n reël word vir 'n sosiale groep, dan moet daar by al die individue van die groep 'n natuurlike neiging bestaan om die verandering spontaan teweeg te bring.” Mansion wys daarop dat die waarneming juis is, maar dat dit die vraag verplaas sonder om ons digter by die oplossing te bring.

Netsoos in die biologie—en hoe dikwels word gesê dat taalkunde 'n biologiese wetenskap is!—het daar in die taalkunde 'n verandering gekom in ons insig betreffende klankverandering.

Die sogenaamde klankwette, die opstel waarvan in die neëntiende eeu veral 'n groot verdienste op homself was, verklaar niks nie; maar selfs die geringste alleenstaande klankverandering vind sy oorsaak in, en kan alleen verklaar word deur logiese en psigologiese motiewe. En ook hier nog is die moderne filologie huiweragtig: die hulp van die psigologie word deur vooraanstaande filoloë soms meer as 'n gevaar dan as 'n redmiddel beskou, soos kan blyk uit die sitate in §7.

In die biologiese wetenskap is Darwin se ewolusie-leer vervang deur Hugo de Vries se mutasie-leer.

In die filologiese wetenskap het die nuutste dialekt-geografiese ondersoekinge die reeds bestaande teorie van

sprongsgewyse klankverandering 'n sterk steun gegee. Veral Sievers het in sy Grundzüge der Phonetik die aandag op die springende klankwisseling gevestig (verg. 5e druk §727 e.v.). Sy beskrywing wil nie eintlik 'n verklaring van die verandering langs uiteenliggende stadiums gee nie. So'n verklaring sal eerder te vinde wees deur 'n geografiese dialekondersoek, wat in Suidafrika veral die verskillende taallae van gekleurde rasse sal moet insluit.

Wanneer ons in die boeiende opstel van Klooke: „Klankoverdrijving en goedbedoelde (hypercorrecte) taalvormen in *Tijdschrift voor Nederlandsche Taal- en Letterkunde* 43, p. 161-188, vind aangetoon hoe in Nederlands die vermenging van verskillende milieus met hulle eie taalstandaarde trapsgewyse klankveranderinge teweegbring, hoeveel te meer sal ons dan nie wil verwag van die sterk milieu-vermenging wat in Suidafrika plaasgevind het nie.

By milieu-vermenging word die deurslag gegee deur die graad van maatskaplike aansien; by taalvermenging, in wese nie verskillend van milieu-vermenging nie, sal ons ook rekening moet hou met die „aansien” van die woorde, wat veral bepaal word deur die veelvuldigheid waarin hulle voorkom. Hoe meer 'n woord gebruik word, hoe gouer sal dit sy klank-karakter verander, as al die ander omstandighede dieselfde bly, Schuchardt het daar op gewys, o.a. in Brevier p. 64-65. Altemit sal ons van hierdie oorweging gebruik kan maak, as ons die vergelyking trek tussen Afrikaans *gee* en Nederlands *geven* aan die een kant, tussen *leef* (*lewe*) en *leven* aan die ander kant.

Opm.—Heider opmerkinge oor die *verdwyning* van klanke maak van Haeringen: „De Germaanse inflexieverschijnselen phoneties beschouwd”, b.v. op p. 36. Hier reg praat hy van „het *metaphysiese*, dat een absoluut klank-mechaniese opvoering aan blijft kleven, d'e streng aan de geleidelikheid van alle klankovergangen blijft vasthouden.”

§9. KLANKWETTE EN DEFLEKSIE.

Kan „klankwette” bevorderlik wees vir defleksie?

In prinsiepe moet ons die vraag bevestigend beantwoord.

Stel b.v. die geval dat daar klankwette sou kan aange-ton word, wat die afslyting van al die werkwoordsuit-gange sonder meer foneties sou verklaar dan sou dit

stellig altans 'n bevorderende faktor vir die defleksie wees. Minstens twee klankwette sou daar vir Afrikaans nodig wees, een wat die uitgange *en* of *-e* sou laat verdwyn het, en 'n ander wat die slot *-t* moes opgeruim het.

Uit ons opmerkinge oor klankwette in §8 sal dit duidelik wees dat die omgekeerde ewe goed moontlik is: dat deur oorsake van sosiale aard en met 'n psigologiese inhoud die uitgange oorboord gegooi is, en dat ons *agteraf* geneig is om te konkludeer, op grond van die algemeen waargenome verskynsels, dat die verdwyning op groot skaal die benaming „klankwet” regverdig.

Daar is bepaalde gevalle aan te wys, waar 'n taalgeleerde die verdwyn van seker werkwoordsvorme en die vervanging deur 'n omskrywing wil aantoon as 'n gevolg van klankwysiging.

Dit is die geval met die sterk praeteritum, wat in omtrent al die moderne tale die neiging vertoon om te verdwyn en sy plek af te staan aan die met die hulpwerkwoorde *hê* of *wees* omskrewe vorm.

Oor die onderwerp kan 'n mens die pragtig-heldere artikel lees van A. Meillet: „Sur la disparition des formes du *prétérit*”, in *Germanisch-Romanische Monatsschrift* I p. 521.

Vir die Duitse taalgebied in die besonder word 'n massa materiaal byeengebring deur K. Jacki: „Das starke Praeteritum in den Mundarten des Hochdeutschen Sprachgebiets”, in *Paul und Braune's Beiträge* 34, p. 425-529. Vir die Frans in Kanada, wat reeds deur Prof. Hesseling met Afrikaans vergelyk geword het, sien W. Meyer-Lübke: „Das Fransösische in Kanada” in *Germanisch-Romanische Monatsschrift* I, p. 133-139.

Eén taalgeleerde, Hans Reis, het beweer dat vir die tongval van Mainz altans 'n klankverandering die laaste oorsaak is van die sintaktiese verskynsel, naamlik die wegval van die slot *-e* in swak praeterita, soos *spielt* pleks van *spielte*; daardeur het die praesens en die praeteritum saamgeval, sodat 'n nuwe vorm nodig geword het. In 'n opstel: „Der Untergang der einfachen Vergangenheitsform” in *Germanisch-Romanische Monatsschrift* II, p. 382-392, hou hy hierdie bewering staande.

Maar in elk geval is dit hoogstens 'n verklaring, wat net beperkte geldigheid verdien, en wat op die meeste ander gebiede nie in aanmerking kom nie.

Hoewel ons dus die prinsiepe nie verwerp nie, is dit

juister om voor alles aan oorsake van sintaktiese aard ook by Afrikaans te dink.

§10. GEVOELSWAARDE.

In §7 het ons reeds gewys op die logiese betekenis sowel as op die gevoelswaarde ook van die fleksieuitgange. Ons weet dat die kontrole oor hierdie aspekte van die saak, veral die gevoelswaarde, baie moeilik is. Die moeilikheid spruit veral daaruit voort, dat gevoelswaarde in eerste instansie iets individueels is, dat dit gewysig word met die individue en met die tye.

Die gevoelswaarde van die taalelemente by Afrikaners van die sewentiende eeu, ons moet eintlik sê by Nederlanders en ander koloniste, en by die bewoners van die Kaap in daardie tyd, is so te sê nie meer te meet nie. Ons kan alleen gevolgtrekkinge maak langs analogiese weg, deur dit by onself na te voel en gebruik te maak van die resultate van die algemene linguistiek.

Die beste te bepaal is die gevalle van *affek-ontlading*, om 'n term van Sperber te gebruik, en die gevalle wat met affek gelade is.

Op hierdie gebied is daar feitlik nog geen studie gemaak wat Afrikaans betref nie, en wat sewentiende-eeuse Nederlands betref baie min, te weinig altans om vir ons 'n soliede basis te verskaf.

Om die leser vir homself 'n denkbeeld te laat vorm oor hierdie kwessie in die algemeen, moet ek hom verwys na die reeds genoemde skrywers: Sperber en Spitzer, wat altwee fraai reekse van affekgelade voorstellinge en die uitinge daarvan in die taal aangetoon het.

Opm.—Veral die Franse taalwetenskap, en ook die Romanistiek, vertoon hier, soos so dikwels, die mooiste resultate. Ek verwys die leser nog na die opstel: „Wortkunst und Sprachwissenschaft“ van L. Spitzer, in *Germanisch-Romanische Monatsschrift* XIII, p. 169—186.

Vir Afrikaans is daar heelwat materiaal te vinde in die spreekwoorde en segswyses, versamel in die boek van Dr. D. F. Malherbe. Ook in die Inleiding daarvan word groeperinge van spreekwoorde om bepaalde sentra aan-gegee, b.v. om die ossewa (p. 56-58). Maar uit 'n oogpunt van taalpsigologie is daardie materiaal nie opsetlik beskou nie. Om Sperber se terminologie te gebruik: die voorstelling van die ossewa en die woord self was vir die Voortrekkers affek-gelade. Dit was nie net „'n een-

voudige klankverbinding, wat uiting gee aan een enkelvoudige voorstelling" nie. Soos elke definisie is ook hierdie onvolledig. Daarby kom naamlik die gevoelswaarde, 'n element wat dikwels moeilik uitvoerig kan behandel word, omdat dit soos reeds gesê in eerste instansie die individuele spraakgebruik, die styl, en die taal-ontwikkeling raak. Dis juis die gevoelswaarde wat dit op die duur kan wen by taalontwikkeling.

Hierdie uiteensetting kan, net soos op voorstelling en woorde, ook toegepas word op woordelemente, o.a. die fleksie-verskynsels. Alleen: hier is alles nog moeiliker om aan te wys.

Weer sal hier die analogie moet te hulp kom, en ons sal moet probeer om, indien moontlik selfs langs statistiese weg, die relatiewe veelvuldigheid vas te stel van stellig affek-gelade vorme, waarnaas ons dan die rol van die fleksie-elemente statisties kan vergelyk.

Langs hierdie weg sal dit m.i. moontlik wees om die invloed van die affek, ook hier altans op die spoor te kom.

§11. FLEKSIE-RESTE IN AFRIKAANS.

Wat is fleksie? Fleksie is die verskynsel dat woorde deur vorm-elemente kenbaar maak in watter verhouding hulle staan ten opsigte van die omgewing. Die fleksie-elemente is dus tiepies funksioneel van aard, en as geheel 'n *sintaktiese verskynsel en middel*.

As ons die katalogus opmaak van die fleksie-elemente in Afrikaans, dan kan ons daarmee 'n tekening ontwerp: 'n groot vlak see, van fleksielse woorde, waarin hier en daar eilandjies uitsteek, die geïsoleerde vorme met fleksie-elemente.

Ek kies met opset hierdie geografiese beeld. Dis niks meer as 'n beeld nie. Die verklaring van die aanwesigheid van eilandjies sowel as van die groot oseaan kan op 'n kaart nie voorgestel word nie. Daartoe is dit nodig dat die werkinge wat hulle in 'n vroeër „geologiese" periode van die taal afgespeel het, nagegaan word, en a priori kan 'n mens verwag dat die uiteenlopende, of liever individuele werkinge 'n organiese samehang sal vertoon, en gesamentlik in een rigting gegaan het. Vergelyk §4 oor die pluralistiese verklaringsprinsiepe.

Hoe behoort die fleksie-reste geïnterpreteer te word?

Daar moet sekere redes opgegee word om hulle be-

staansreg te verklaar, sowel vir vroeër tyd as vir vandag.

'n Aantal vorme is daar in elke taal, ook in Afrikaans, wat by historiese beskouing ou fleksievorme blyk te wees. Neem b.v. 'n deelwoord soos *gewese*, nog wel 'n sterk vervoegde deelwoord van *wees*, wat vandag in Nederlands 'n swak vorm vertoon. Dit mag ons nie meer as 'n deelwoord in Afrikaans bestempel nie — in Nederlands trouens ook nie—maar dit behoort as 'n gewone adjektief geklassifiseer te word, waarvan die taalgeleerde die etimologie mag aangee net soos van enige ander adjektief.— Net so min mag ons in woorde soos *indertyd*, *mettertyd*, *snags*, *soggends* e.d. fleksie sien. Hier is ook langs histories-wetenskaplike weg die ou fleksie-reste aan te toon, maar nie meer nie.

Somtyds verenig 'n hele aantal eilandjies hulle tot 'n groep. So b.v. die verboë vorme van die adjektief. Daar aan is al heelwat aandag bestee; die helderste uiteensetting van 'n funksionele ooggpunt uit, vind ek by J. J. le Roux, Sintaksis §68 e.v. In besonder vestig ek die aandag op die sin: „Iedere adjektief behoort uit kragte van sy fonetiese en ritmiese eienskappe tot 'n bepaalde klas” (bls. 44). Dit is dus interne kenmerke van die woorde self, wat nie noodwendig hulle funksie altoos raak nie. En dit is meteens die vernaamste indruk wat 'n mens van die adjektief-fleksie in Afrikaans kry. Verder is van belang die sogenoemde nadruks-*e*. By die partisiepium word dergelike opmerkinge gemaak, o.a. dat die sterk vorm gewoonlik in 'n oordragtelike betekenis voorkom (bls. 59), waar dus 'n funksie-differensiasie val op te merk.

Dit hoef hier nie ons taak te wees om 'n volledige oorsig oor die ou fleksie-reste in Afrikaans te gee nie. Hulle is al dikwels bespreek en in verskeie werke behandel, sodat ons vertrou dat die nodige inligtinge op dié punt tot die beskikking van die leser staan.

Ons sal dus in die vervolg sommige vraagpunte aanvoer, waarby ons nie pretendeer om volledig te wees nie. Dit lyk vir ons meer gewens om die leser van hierdie Gedenkboek te oriënteer ok oor die metodiese behandelings van 'n paar voorbeelde.

§12. DIE NOMINALE KLASSIFIKASIE EN DIE LIDWOORD.

Van 'n sintaktiese ooggpunt uit besien is in Nederlands

ie lidwoord, veral die bepaalde, ook 'n fleksie-element. die ouer tyd, toe die lidwoord volledig verbuig was vir e drie geslagte, net soos vandag nog in Duits die geval is, was die betekenis van die lidwoord as 'n fleksie-eksponent besonder groot.

Vandag het die meeste verboë vorme van die lidwoord uit die lewende Nederlandse taal verdwyn, maar een tiepérende verskil het hom gehandhaaf, naamlik die gebruik van *de* vir „manlik” en „vroulik”, *het* vir „onzijdig”. Die drie benaminge is konserwatief en weerspieël nie meer 'n bestaande kategorie in die lewende taal nie.

Wat wel bestaan is die groot teenstelling: *lewendig-leweloos* wat in groot trekke weergegee word deur *de-het*. Hierdie werklikheid kom ook tot uiting by die voornaamwoorde: *hy, sy het*.

In Afrikaans is die enige eksponent van die nominale klassifikasie die pronomene: *hy* en *sy* vir „natuurlik” manlike en vroulike wesens (mense en diere), *dit* vir sake, somtyds ook *hy*. Die genus personale is dus tweeledig. By die genus reale val op te merk dat die anaforiese pronomene behalwe *dit* ook *hy* kan wees. *Hy* en *hom* word gebruik onder sekere beperking. Dit lyk my nie onjuis om te sê dat daar in Afrikaans by die gebruik van die pronomina 'n tweeledige genus reale bestaan nie, wat die teenstelling „lewendig-leweloos” weerspieël.

As dit so is, mag ons die gevolgtrekking maak dat die antitese „lewendig - leweloos” 'n werklike psigologiese kategorie in Afrikaans vorm.

Ondanks die dubbele verdeling: „personale-reale” en „lewendig-leweloos” is die lidwoord orals dieselfde, naamlik die onveranderlike *die*. Hoekom het daardie tog so duidelike eksponent, veral die van die teenstelling „lewendig-leweloos” verdwyn, terwyl die nominale klassifikasie bewaar gebly het?

Fonetiese oorsake is hier uitgeslote. 'n Voortsetting van in Nederlands ontkiemende neiginge is net so min waarskynlik te maak.

Dit dwing ons as 't ware om na oorsake van buite om te sien; 'n op oorsaak en gevolg gebaseerde redenering van die noodsaaklikheid om vreemde invloed aan te neem het ons egter in die wetenskaplike literatuur oor Afrikaans nog nie aangetref nie.

Die generalisasie van die lidwoord *die*, heeltemal onafhanklik van enige nominale defleksie, terwyl dit tog

die opruiming van een fleksie-eksponent beteken, sterk ons in die mening dat die *defleksie* ook op ander terrein, en wel die uitgange, 'n gebeurtenis is wat hom afgespeel het buiten oorsaaklike verband met werklike of gefin-geerde klankwette.

Opm.—Oor die nominale klassifikasie in Nederlands lees die opstel van P. Gerlach Royen in *De Nieuwe Taalgids* XIX, 161—169. Oor die lidwoord *die* sien Le Roux, *Sintaksis* §35 en die daar genoemde literatuur.

§13. DEFLEKSIE.

Van die nominale en adnominale fleksie het daar in Afrikaans heelwat bewaar gebly; dit kan ons nie verwonder nie, as ons bedink dat b.v. die meervouds-*e* 'n feitlik onmisbare funksie vervul het en nog vervul. Wanneer dus so'n toonlose *e* elders kon opgeruim word sonder skade vir die doeltreffendheid van die taal, dan sal die meervouds-*e* altyd weerstand gebied het aan die „skoonmaak—neiging” van die taal weens sy eie innerlike krag.

Hierdie verklaring van die behoud van 'n fleksie-uitgang is in wese toepaslik vir die groot massa fleksie-verskynsels in enige taal, ook Afrikaans.

* * * *

Verreweg die sterkste gely onder die defleksie het die werkwoord; die toestand is sodanig dat ons mag praat van een enkele werkwoordsvorm in Afrikaans. Daar is ander moderne tale wat 'n dergelike defleksie vertoon, b.v. Engels; vergelyk ons die vorme van Engels met Afrikaans, dan merk ons tog op dat daar in die 3de persoon enkelvoud in Engels nog wel 'n besonder vorm bestaan: *he gives*, terwyl ook hierdie onderskeiding in Afrikaans ontbreek. By die verdwyn van die slot-*t* as 'n fleksie-element, b.v. Afr. *hy neem* naas Nedl. *hij neemt*, moet ons dan ook stilstaan.

Om die „wegval” van die slot-*t* sonder meer foneties te wil verklaar sal m.i. moeilik wees. Wel kan die „wegval” met fonetiese hulpmiddele beskrywe word, maar die eintlike vraag: waarom het die bnw. in Nedl. die vorm *zacht* behou, maar in Afr. *sag* geword, kan nie op die manier bevredigend verklaar word nie. Wel kom ook in Nederlands in sommige taallae vorme sonder *t* voor, b.v. in kindertaal, en in Querido se werk „De Jordaan”;

maar die probleem van die wegval van die *t* bly in al die gevalle van psiego-fiesiese aard.

Die verdwyning van die *t* kom egter in Afrikaans op so'n groot skaal voor, dat ons die verdwyning van die *t* as 'n fleksie-element nie mag skei van die verdwyning van die *t* in ander gevalle nie.

Ons sien b.v., by vergelyking met Nederlands, dat die toonlose dentaal aan die eind van 'n woord in Afrikaans ontbreek by

- (a) : woorde wat in 17de eeuse Nederlands skaars nog verbuig word, b.v. die telwoord *acht*, waarnaas nog in geïsoleerde uitdrukkinge: *met z'n achten*. In Afrikaans is die vorm *ag*.
- (b) : woorde waarby die slot-*t* oorspronklik etimologies behoort, en waarby die *t* in die geflekteerde vorme in 'n gedekte posiesie staan, b.v. die bnw. *zacht*. In Afrikaans vertoon die geflekteerde vorme ook nog die-*t*, b.v. *sag*, *sagte*, *sagter*.
- (c) vorme waarby die slot-*t* in Nederlands die fleksie-uitgang is, soos *hij neemt*, Afr. *hy neem*.

Die vraag wat by die beskouing van die verskillende gevalle noodwendig opkom, is: waar het die wegval van die *t* begin? En deur dié vraag te stel word ons onmiddellik tot die volgende vraag genoodsaak: is die afsloting van die slot-*t* *teweeggebring* deur oorsake van fonetiese aard, of vorm psiegologiese redene die grondslag?

Ons kan nou die terrein aanvoer by (b), en dan vind ons 'n nie-onwaarskynlike punt van uitgang. Ons neem naamlik waar dat daar talryke gevalle is waar die „etimologiese” *t* in afleidinge van die betreffende woorde nie meer die slot-klank is nie, en dan langs suiwer fonetiese weg verdwyn. (oor die uitdrukking „suiwer foneties” geliewe te vergelyk §8, Opm.) So hoor 'n mens ook in beskaafde Nederlands nie die vorm *zachtjes* nie, maar *zachjes*, en dit is reeds lank die geval. In hierdie geval het die *t* binne in die woord langs fonetiese weg verdwyn, en die analogie of sisteemdwang het die vorm *zacht* in Nederlands, en veral in Afrikaans, opgeskuif tot *sag*. Hierdie opmerking is natuurlik nie 'n afdoende verklaring nie: dié sal eers gegee kan word, wanneer daar onafgebroke rye van vorme voor ons oë staan; en in historiese volgorde sal ons hulle in Afrikaans wel nooit kry

nie, daarom is 'n volledige opgawe van alle moontlike reste van ou *t's* 'n vereiste.

§14. WAAR HET DIE WERKWOORDS-DEFLEKSIE BEGIN?

Die hele verlies van die werkwoords-uitgange sal nooit bevredigend opgehelder word nie, solank as daar nie gesoek word na 'n prima origo nie, d.w.s. dié werkwoordsvorm of -vorme, waar die uitgang eerste verdwyn het. Dit is nie aanneemlik dat al die uitgange tegelyk verdwyn het nie, m.a.w. dat daar 'n algemene en konsekwente vereenvoudiging in een besonder kort periode plaas gehad het. Die lesse van die taalgeskiedenis het ons geleer dat die gebou van fleksie-uitgange êrens 'n hoeksteen moet verloor het, om daarna in te stort.

Maar wat was die hoeksteen? Het die *t* van Ndl. *hij neemt* eerste verdwyn, of het die *t* van *gij neemt*; die *-en* van die meervoudsvorme of die *-en* van die infinitief?

'n Ander vraag: by watter werkwoorde het die vereenvoudiging begin? Is dit by die groep *sê* — *zeggen*, *lê* — *leggen* (*liggen*), *hê* — *hebben*, of by 'n ander groep: *begin* naas *beginne* — *beginnen*, *skryf* naas *skrywe* — *schrijven*? Of is dit by die groot groep, w.w., waar nie meer sulke byvorme bestaan nie, soos *neem*, *loop* ens.? Watter betekenis moet daar geheg word aan sommige ou reste in Afrikaanse vorme, soos *begint en beginne*, *reent* naas *reën*, *behoort* naas *behoor*?

Hoe is die verbreiding van daardie gelykbeduidende vorme oor Suidafrika, en kan daar uit die geografie van die vorme altemit 'n konklusie getrek word omtrent die streek van oorsprong?

Prof. Smith wyt die defleksie, altans die verdwyn van slot-*t* en *-e* (*n*), aan klanktendense of klankwette; dit blyk uit die verslag van die voordrag wat hy in 1925 vir die Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde in Leiden gehou het. Na ons mening is die deur Prof. Smith gegewe formulering en beskrywing van die toestand van vandag waardevol om die redes wat ons netnou gegee het. Veral die uitstaande besonderhede kom daarin tot hulle reg. 'n Verklaring sou ek dit egter nog nie wil noem nie, veral nie omdat dit daar so eenvoudig en „onskuldig” uitsien. 'n Gebeurtenis as die defleksie op 'n groot skaal in Suidafrika is stellig meer gekompliseerd as wat dit uit die klankwette alleen sou skyn te wees.

§15. HIEPERKORREKTE VORME, AS 'N HULP-
MIDDEL OM DIE TYDPERK VAN DEFLEKSIE
TE BEPAAL.

Die ouderdom van fleksie-lose vorme afsonderlik sowel as die periode van defleksie in die algemeen kan benader word deur direkte gegewens, en by gebreke daarvan deur seker skryfvorme wat verraaï dat die skrywers op gespanne voet leef met die ou fleksie-uitgange.

As sodanige „hieperkorrekte skryfvorme” beskou ek nog altyd die eenaardige woorde soos *makum*, *denkum*, *bijtum* en *siekum*, wat oorgelewer is deur Kolbe, en wat reeds herhaaldelik behandel is, b.v. deur Prof. Boshoff in *Volk en Taal*, deur Dr. Hesseling in *Het Afrikaans*, deur Dr. Van Ginneken in sy *Handboek* en deur myself kortliks in *Die Huisgenoot* van Maart, 1922.

Van die vier algemene stelling wat Prof. Boshoff op bls. 81 aanneem, kan ons die eerste drie aanvaar, omdat hulle so besonder ruim gestel is. Die vierde is ook aanneemlik, en reeds vroeër, o.a. deur Schuchardt, opgestel (vgl. §4 hiervoor). Dit lui by Boshoff: „By 'n geadapteerde taal speel die analogie 'n groot rol; maar die taal, wat geadapteer word, het minstens net so'n belangrike betekenis by die bepaling van die aard en rigting van die analogiewerking as die moedertaal van die adapteerder.”

Maar juis as ons hierdie vierde stelling toepas op die deur Kolbe meegedeelde vorme, dan moet ons meer as een vraagteken stel. By die sinne: „die oud volk altyd zoo *makum*” en „die tovergoed *bijtum*” kan ons met 'n bietjie goeie wil die rol van die geadapteerde taal, Nederlands, demonstreer. Immers: 17de eeuse Nederlands gebruik veelvuldig by 'n kollektiewe subjek, soos *volk* en *tovergoed*, die werkwoord in die meervoud. (verg. ook *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* II bls. 30-31). Maar in die sin „wat *makum* zoo?” is 'n dergelike rol nie aanneemlik nie. So'n gebruik vloei nie voort uit 'n Nederlandse sintaktiese verskynsel nie. En wanneer nou tog die Nederlandse Koloniste, om Schuchardt se woorde te gebruik, die vorm *makum* vir die Hottentotte sou gekies het, watter motief kon hulle dan daarvoor gehad het? Die vorm van die derde-persoon-meervoud is tog nie die mees voor die hand liggende om te kies nie? Hoogstens sou dit dus nog 'n *infinities* kan wees, maar om dit waarskyn-

lik te maak, sou eers aangetoon moet word, langs statistiese weg, dat die infinitiewe op *-en* 'n oorwig in gebruik en funksie vertoon het bo die ander werkwoordelike vorme. Dit is moeilik, ek dink selfs onmoontlik.

Ten slotte bly daar nog *siekum*, 'n predikatief gebruikte adjektief. Hier laat elke aanknoping aan werkwoordsvorme ons in die steek, terwyl die statistiese oorwig van adjektiewe op *-en* beslis nie bestaan het nie.

Om analogie aan te neem van die twee vorme *siekum* en *makum* na die ander, eersgenoemde vorme *denkum* en *makum* is feitlik ontoelaatbaar, solank daar nie meer voorbeelde ter vergelyking beskikbaar is nie.

Die stelling van Prof. Boshoff bly weliswaar onaangestas, maar dit is nie van toepassing op al die oorgelewerde voorbeelde van Hottentots-Hollands nie. Ergo: hulle vind hulle oorsaak by die ander seksie, die Hottentotte self. En die vorme is as hieperkorrekte, d.i. oordrewe nabootsing van Nederlandse vorme te beskou. Waaruit volg: hulle bewys dat vir die gevoel van die makers van daardie sinne die uitganglose stamvorme van die werkwoord en die byvoeglike naamwoord die mees gewone, om nie te sê die enigste, was.

* * * *

Minder gewigtig vir die tydsbepaling, ofskoon as 'n verskynsel dieselfde, is die oordrewe skryfvorme in Louis Trigardt se Dagboek. Daarin tref ons taamlik tairyke gevalle aan van infinitiewe, wat deur hulle meer as Hoog-Hollandse uitgange die bewys lewer dat die werklike infinitief in die spreektaal van daardie tyd nie meer was as die stamvorm nie.

Ons kry die uitgange:

- 1) *t*: wou ik *uitgaat*; *helpt*, *zegt*.
- 2) *e* of *ne*: dat Sakana het *doene* zal; *gaane*.
- 3) *nen*: haar ook geen kwaad *doenen* moet; *inslaanen*, *zienen*, *gaanen*.
- 4) —: die vorme van vandag: te *zoek*, *hang*, *bring*, *trek*.

Ook as ons die laasgenoemde eg Afrikaanse infinitiewe nie gehad het nie, sou ons veilig wees met ons gevolgtrekking.

Opm. 1.—Hier wil ons terloops die hoop uitspreek, dat daar 'n monografie geskryf word oor Louis Trigardt se taaleie. Daardie Voortrekker se Dagboek is omvangryk genoeg, dat die taal daarvan as 'n basis geneem mag word vir 'n beskrywing van Afrikaans in die eerste helfte van die neentiende eeu.

Opm. 2.—Oor die behandeling en die waarde van hieperkorrekte taalvormesien die opstel van Kloeke, in *Tijdschrift voor Nederlandsche Taal- en Letterkunde* XLIII, bls. 161—188. Opmerkinge oor gevalle uit ander tale is te vinde in: Sturtevant, *Linguistic Change*, en Dauzat, *La Philosophie du Langage*.

§16. DIE WOORDORDE AS 'N VERGOEDING VIR DIE VERLIES VAN FLEKSIE.

In §§5 en 6 het ek gewys op die belang van sintaksis en semantiek ook vir die bestudering van die defleksie.

Van die semantiek as 'n wetenskap kan ons vir die Afrikaanse defleksie nie te baie verwag nie, ook al omdat daar nog nie dinamiese prinsiepes vir betekeniswysiging en die voorwaardes daarvan in Afrikaans vasgestel is nie.

Meer mag ons hoop van die sintaktiese ondersoek, en wel spesiaal van die *woordorde*. Jespersen se resultate op hierdie gebied, waaroor ons in §1 gepraat het, is nog nie getoets aan die Afrikaanse taalmateriaal nie. Dit is ongetwyfeld 'n moeilike taak; en wanneer ons sou meen dat die woordorde van Afrikaans vrywel nog dieselfde is as die van Nederlands, sonder om sistematies die bestaande verskille na te spoor, dan word 'n ondersoek na die tiepiese verskille wat daar wel deeglik bestaan, nie juis aangemoedig nie.

En juis sal dit miskien moontlik wees om langs wetenskaplike weg die vraagstuk nader tot sy oplossing te bring, of Afrikaans sonder meer die spontane ontwikkeling van Nederlandse dialekte is, dan wel deur 'n botsing met ander tale ontstaan het.

Alleen deur 'n ondersoek van die middele, waardeur die Afrikaanse taal vir homself — waar nodig — vergoeding verskaf het vir die verlies van uitgange, of, om dit anders te formuleer: 'n vergelykende studie van die historiese sintaksis van verskillende tale wat hulle vorme-sisteem belangrik vereenvoudig het, sal die aard van die vereenvoudiging in Afrikaans duidelik maak, en daarmee tewens sy oorsake.

Die enigste plek in die Afrikaanse wetenskaplike literatuur waar na Jespersen se ondersoekinge verwys word, is Dr. Bosman se boek *Oor die Ontstaan van Afrikaans*, bls. 1 van die Inleiding. Soos ek reeds vroeër gesê het, is die vernaamste waarde van daardie vermelding: dat dit ons aandag nog 'n slag op die kwessie rig, en ons

verlangend maak om te hoor wat Dr. Bosman daarvoor te sê het. Maar Jespersen se teorie op Afrikaans toegepas het hy nie, hoewel hy blykbaar die belang van die vraagstuk insien.

Ons gee toe dat dit seker een van die moeilikste probleme is, waarby allerlei prinsipiële kwessies van die algemene linguistiek aangeraak kan word; ons beperk ons hier dan ook om in die volgende § 'n paar opmerkinge te maak met verwysing na nog ongepubliseerde ondersoek.

§17. DIE ONDERSOEK VAN WOORDGROEPE: DIE MEES BELOWENDE METODE VIR DIE STUDIE VAN DEFLEKSIE.

Die moderne sintaksis-onderzoekers het as mees belangrike eenheid van die taal-in-funksie die *woordgroep* gevind. Sommige van die mooiste beskrywinge van 'n taal se sintaksis is gebaseer op hierdie indeling in woordgroepe.

Oor die afpaling van die begrip „woordgroep” self is daar nog heel wat te doen; die woordgroepe mag naamlik nie a priori opgestel word nie, maar hulle wissel vir elke taal. Slegs langdurige studie en intieme aanraking met 'n sekere taal kan in staat wees om die tiepiese woordgroepe vir daardie taal aan te wys en om hulle as uitgangspunt te neem vir die volledige beskrywing van die taaleie. Die ondersoeker wat die woordgroepe as rig-snoere wii neem, moet 'n ruime kennis van allerlei tale besit en 'n geskoolde sintaktikus wees om met vrug algemene prinsipiële groepe op te spoor. Slegs 'n breë vergelykende taalstudie kan hier 'n skrywer behoed vir 'n skematiese, tradisionele indeling, of vir die toepassing van die een taal se indeling op die ander. Hoe verder afwykend 'n taal is, hoe meer vrug sal dit kan afwerp vir die beskouing van 'n ander taal. Dis die rede waarom b.v. indogermaniste en germaniste tale van totaal verskillende famielies gaan bestudeer, soos Indiaanse tale, Sjinees, Bantoe.

Die reeds genoemde boek „Oor die Afrikaanse Sintaksis” van Dr. J. J. le Roux is die eerste poging om die Afrikaanse taal grammaties te behandel volgens die prinsipe van die groep - indeling (sien oor die begrip „woordgroep” aldaar §3). Hierdie boek toon aan dat die opsporing van groepe en die bestudering van hulle ont-

wikkeling vrugbare resultate kan oplewer vir die kennis van taal-ewolusie.

'n Baie moeiliker probleem is die vraag: waardeur die groepe en die groepvorming beheers word. Alleen noukeurige vergelyking met Nederlands kan help om die sleutel te vind.

In die loop van tyd wat ek aan die woordgroepe in Afrikaans gewy het, meen ek een faktor vir nuwe groepvorming opgespoor te hê. Dis die emosionaliteit. In 'n aparte studie hoop ek om dit binnekort altans vir een geval aan te toon. Die emosionele taalgebruik dring taalelemente, wat emosionele geaardheid besit, na vore ten koste van emosie-lose konkurrente. En net soos daar deur ervare geleerdes altyd so veel moontlik gesoek word na oorsake van psiegiese aard wat klanksustituisie en klankverandering bevorder, so dink ek is dit ook noodsaaklik om by die defleksie dieselfde metode te probeer volg. In Suidafrika is die emosionaliteit by die praat van die Nederlandse taal, in sommige omstandighede stellig verhoog in vergelyking met die taal in die moederland. Ook daarvoor is redes aan te gee: o.a. die aanraking tussen blankes en gekleurdes.

Dis in kort die loop van die ondersoek waarna ek hierbo gerefereer het.

* * * *

Die welwillende leser sal my verskoon as ek nou, aan die slot van hierdie opstel, nie te voorskyn kom met 'n kort opgawe van resultate wat eers oor 'n tydjie sal gepubliseer word nie; en waaroor die kritiek dus nog niks gesê het nie. In 'n Gedenkboek lyk dit vir my misplaas om vooruit te loop op die toekoms.

SAMEVATTING.

Aan die slot van ons opstel, wat enigsins na 'n programma van ondersoek lyk, maar wat soos ons hoop die stand van die wetenskap in die hoofpunte juis weergee, gee ons 'n kort samevatting:

Om die ontstaan, ontwikkeling en voltooiing van die defleksie in Afrikaans, wat een van sy mees kenmerkende karaktertrekke ter onderskeiding van die ander Dietsa Taalgroepe geword het, wetenskaplik te behandel moet die neiginge tot defleksie in Nederlands van die sewentiende eeu en vroeër af tot vandag toe noukeurig in aanmerking

geneem word. Statistieke van fleksie-lose vorme in allerlei Dietse taallae moet opgetrek word.

Die studie van al die soorte van taalvermenging, in Suidafrika veral ook die rasse-vermenging, is in eerste instansie gewigtig om 'n maatskaplike verklaring te help grondves.

Die hoofrigting van die grammatikale behandeling moet georiënteer wees deur die sintaksis- en die semantiek, van die laaste veral deur die gevoels-psigologie.

'n Fonetiese beskouingswyse sal 'n onontbeerlike hulpmiddel bly, maar slegs dan van waarde wees, as dit verhef word op die hoër peil van 'n psiego-fiesiese studie.

Op die manier kan die studie van die defleksie die werklike taallewe en sy impulse ontsluit, en die voortdurende wisselwerking tussen die verskillende lewensrigtinge van die taal aantoon.

Hierdie metode van studie kan alleen die belangrikste orgaan van die menslike samelewing, die taal, na sy egte waarde leer skat.